



KLYN BEGIN—ANHOU WIN.

DEEL 1.]

ONS KLYNTJI, FEWERWARI 1897.

[No. 12.]

### Inhoud.

"ONS KKYNTJI" SPREEK. ... ..	241
"ONS KLYNTJI" 'T SYN PERSENT GEKRY.—(Gedig). ... ..	242
DI KONINGIN VAN SKEBA.—Twede Deel. VI. Di Gehym geopenbaar. ... ..	242
ONDER RUNDERPES KWARENTYN.—(Gedig). ... ..	247
ONDER LEEUS IN DI BOSFELD. ... ..	247
ALMAL SÊ DIS BAING MOOI.—(Gedig). ... ..	249
'N PAAR GRAPPIIS. ... ..	249
HOE EK GEFRY HET. ... ..	250
FAARWEL!—(Gedig). ... ..	250
FANI EN NELL.—'n Fry Stori. ... ..	251
OOM JAN EN SYN ESELMERRI.—'n Ware Gebeurtenis. ... ..	252
DIRE STORIIS;—Bobbejaan en Skulpad.—Beer en Mensgediirte. ... ..	252
DI ROOSKNOPPI.—VII Fan Woorde tot dade. ... ..	253
DI TWED E TAALKONGRES. ... ..	259
NEEF GERRI.—(Gedig) ... ..	260
'N YSTERPARK-JAG. ... ..	262
O'ER ONS TAAL EN TAALKUNDE. ... ..	263
GESELSERY MET SKRYWERS EN LESERS. ... ..	263

### "Ons Klyntji" spreek.

**E**K is nou 12 maande oud. Myn oompiis en nefiis wat foor 'n jaar om my gefra het was nou weer by makkaar an di Pêrl, en nog baing ander daarby. Ek het toen moet foorkom. Mar ek is sonder sla'e los gekom, selfs sonder 'n skrobbering. Dis mar selde dat 'n kind 'n jaar oud word sonder dat dit nodig is om hom 'n skrikki te maak, feral as hy so baing oppasters en stoutmakers het. Ek is dan oek net bly en amper 'n bitji hoogmoedig oek.

Mar ek moet baing danki sê fer al myn foogde, wat fer myn opfoeding gesorg het, en feral oek fer myn baing oompiis en tanniis en nefiis

en niggiis wat so fluks fer my bekend gestel en angeprys het.

Myn eerste jaar is nou om. As ek weer kom, dan is ek 'n jaar oud. Neef G. D. Marais, di jonge, fan di Pêrl, het fer my al £1 gestuur fer 'n ferjaarspersent, waarfoor ek hom hartelik dank. Nou wou hy graag hê ek moet andere opwek om syn foorbeeld te folg. Mar ek is 'n bitji skaam. Ek sal mar sê wat hy gesê het op di Pêrlse Kongres: Di oompiis en nefiis wou algar graag hê ek moet groter worde, of twe keer in di maand kom. Mar hulle is bang dan sal di betaling moet meer wees as 4s., en dan kom dit fer arme mense en kinders 'n bitji swaar.

Daarom wou neef Giiljam hê, di frinde wat dit kan doen moet elkeen na fermoge fer my so'n ferjaarspersent gé, dat ek tog kan groter worde of tweemaal per maand kom sonder meer te fra as 4s., dan kan di wat ni meer kan betaal ni oek di foordeel daarfan hê. Nou ja, di frinde sal self wel weet wat om te doen. *Afraai* kan ek hulle ni. As net een uit elke 4 intekenare Neef Giiljam syn foorbeeld folg, dan word syn bedoeling seker beryk, en ek sal bly wees.

Mar as hulle dit ni wil doen ni, dan weet ek daaron nog 'n plan. Ek breng di slag fer elke intekenaar 'n losse papiirtji, met di fersoek om fer ferjaarspersent fer my een nuwe intekenaar te stuur. Dis tog maklik genoeg en 4s. is tog min genoeg. Ek wil so graag kennis maak feral met al di jonge Afrikaners, mysiis en jongetjiiis. Party fan myn oompiis wat an di Paarl was, toen di besluit geneem is dat myn prys mar 4s. bly, het somar kom inteken fer hulle kinders oek. Party fer kinders wat nog ni kan lees ni. Hulle sê ek moet fer di kinders leer lees. Nou dit sal ek seker doen. Perbeer gerus. Ek sal fer hulle sulke mooi storiis fertel, en sulke mooi

gediggiis opsê, en sulke mooi prentjiis wys, dat hulle somar sal leer lees.

Nou kyk, ek het nou al 2,718 intekenare. As myn frinde dit nou wil doen, dan is myn getal net ferdubbel, en andere sal wel self nog bykom oek. Dan sal myn pa wel 'n plan kry om fer my 'n bitji groter te maak, of meer keer te laat uitkom. Mar di nuwe intekenaars moet hulle name en adresse duidelik oppê, dat ek fer hulle kan kry; want as ek altemit ferdwaal, dan kla hulle en dan is myn pa oek uit syn humeur uit. Mar dan moet ek daarom fer julle sê, ek is so 'n snaakse kêreltji, dat party fer my op di pad foor keer, en dis daarom dat ek ni by julle almal kan uitkom ni. Julle moët daarop oek 'n bitji oplet.

Nou nog iits. Alles wat ek fer julle in di jaar tyd fertel het is nou by makkaar gebiude in 'n boek, wat julle kan kry fer 5s. Mar julle moet dan net gou wees, want daar is mar 100 fan gebiude. Dus het fan elke 30 intekenare mar een di kans om een te kry. En dan reken ek nog ni eens di nuwe intekenaars wat graag sal wil weet wat ek di forige jaar fertel het. Mar weet julle wat julle kan doen om seker een daarfan te kry? Elkeen wat fer my foor di end fan Maart 10 nuwe intekenaars stuur kry seker een daarfan persent.

Met dank fer julle hulp in di eerste jaar en met fersoek om ferdere ondersteuning gaan ek nou myn tweede jaar in.

### “ Ons Klyntji ” 't syn persent gekry.

Di nuwejaarsdag is ferby,  
 'n Belofte is fan my “gekry.”  
*Ons Klyntji* het gewag daarop,  
 Want hy loop nou nog kalekop.  
*Ons Klyntji* was te danig bly.  
 Om so 'n belofte eers te kry.  
 Hy kyk toen uit by elke pos,  
 Want syn persent ferwag hy mos.  
*Ons Klyntji* is altoos so bly  
 Om 'n persent fan ons te kry.  
 Tiinsilings is di ronde som,  
 Wat ik nou same stuur fer hom.  
*Ons Klyntji* was toen reg ferheug,  
 En dans en spring toen rond fan freug;  
 Hy loop toen na 'n winkeluur,  
 En neem daarfan 'n siling of fir,  
 En koop fer hom 'n mooie hoed;  
 Want anders word syn kop beboet.  
 Hy neem toen nog weer silings fyf,  
 En trek 'n jurki an syn lyf.

Een siling blyf daar toen nog o'er,  
 Daar koop hy fer hom lekkers foor.  
 Mar nou di pret is al ferby;  
 Fan ander sal hy oek wat kry.  
 Syn geld is nou als uitgegeef.  
 Nou fraag hy weer tog so beleef:  
 “Gé elkeen my tog silings-tiin;  
 Ek het dit seker tog ferdiin.”  
 Hy gaan nou met di beste hoop  
 Om nou fer hom 'n broek te koop.  
 Di geld sal hy wel seker kry  
 Fan ander frinde en fan my.  
 Want skoene moet hy ook nog koop,  
 Om deur di land daarmé te loop.  
 Syn pa wens hom oek feels geluk  
 En almal same wat hom druk.

H. C. BOSHOFF

### Di Koningin fan Skeba,

OF

### SALOMO SYN OUE GOUDFELDE IN SAMBESIA.

[HISTORISE ROMAN DEUR DS. S. J. DU TOIT.]

Di eerste Deel ferhaal hoe ons onder Simbabwe 'n rol ontdek, gestrywe deur Elihoref, Salomo syn gehym-skrywer en prins gemaal fan di Koningin fan Skeba, waarin megedeel word dat hy di geskiedenis fan di ryk beskrywe het en dat di beskrywing same met grote skatte ferberg is onder di berg Afoer by di eebalsemde lyke fan di Koninginne. Op anwysing fan di Molimo kry ons di berg 'en noordweste fan Tati en onder di berg di grafkelders en lyke en oek 3 perkament rolle. Di twede doel befat di inhoud fan di rolle en ons ferdere ontdekkings en beflindings.

Di perkamentrolle is by plekke beskuldig deur fogtig-hyd. Sofêr leesbaar begin dit met beskrywing fan di Paradys op di hoogland fan Afrika, onder di sonlyn, by di Maanberge en 3 Mere, waar di 4 rifire (di Nyl, di Niger, di Kongo, en di Sambesi) hulle oorsprong het—en hoe di eerste mense affallig geworde het en deur God gestraf is.—Di onderaardse kamer onder di berg blyk di afgrond af te beel; by di ingang is di sondefloed afgebeel en ferder bose geeste.

Klaas werd deur 'n Mamba-slang gebyt en deur Umsalomi genees met slanggif. Di afstammelingen fan Gam kom na di Sondefloed terug na Afrika, en stig di ryke fan Egipte en Etiopië. Syn seun Hafila trek o'er di Sambesi na di Goudland, en syn seun Skeba stig hiir di ryk.

Hatasu, Koningin fan Egipte stuur di eerste skippe na di Goudland toe, 700 jare foor Salomo; sy maak 'n o'ereenkoms dat di Konings fan Egipte ferder di Koninginne fan Skeba sal anstel, en laat alles afbeel in 'n tempel, di beskrywing en afbeeldings kom o'ereen met di aftekening hiir in di oue grafkelders.

Ons dokter ons osse gesond fan di tsetse-vliig syn steek met slangzif. Daarop lees ons uit di rol di geskiedenis fan Josef in Egipte, waaruit blyk dat di Koningin fan Skeba 'n afstammeling fan Josef is.

Di Ingang tot di grafkelders was di follende nag-toegefal met di reën. Ons stuur fer Klaas te pèrd om te gaan Boesmans huur om te help ope grawe, en laat fer Umsalomi di osse oppas. Di aand kom gen een fan di twe nit ni. Di rol fertel fan di Priister-Konings in Egipte en gé 'n beskrywing fan 'n Fees fan di son en fan forstelike Lüfdesgehyme, waarfan di uitslag is dat twe Prinsesse kort na makkaar gebore, mar in di gehym omgeruil worde, en dis twe hoofpersone in di ferdere geskiedenis.

## TWEDE DEEL.

### VII.—WAT FAN DI 2 PRINSESSE WORD.

*Wat fan Klaas, Umsalomi en ons Osse geworde is.—Alles kom reg.—Nog 'n Grafkelder ontdek.—Balkis, di Dogter fan Ramaka, word Koningin fan Skeba.—Pates, di Dogter fan Osifra, trou met Koning Salomo.—Salomo stuur Skippe na Skeba.—Di Koningin fan Skeba kom met 'n Karafaan om Salomo te besoek.—Haar Besoek an Egipte.—Ontdekking fan di Gehym fan haar Geboorte.*

**D**IT was 'n mooie maanskyn-aand. Neef Gideon en ek slaap in di wa, en Neef Hendrik en Henni onder di wa. Omtrent midde nag word ons wakker dat Klaas ankom met di osse. Hy fertel ons toen dat di Boesmans hom opgebou het, mar dat morre 'n stuk of 6 fan hulle sal kom tot by di rinfirtji om te onderhandel. Mar *hiir* by di berg wil hulle snags ni bly ni. Hulle sal an terkant di rifir 'n kraal fer hulle maak en dan al oggende kom werk en snags weer daar g. an slaap. Er toen by t. rugkom fan di Boesman-Kraal af,—dit was al na son onder,—gewaar hy anderkant di rifir fer Umsalomi, wat op pal was met di osse na di Boesmans toe. Hy het hom toen storm geja met di pèrd. Fers wou hy flug, mar toen Klaas hom inja, wou hy hom ferdedig met syn asgaai, en toen het Klaas syn been afgeskiit. en met di osse deurgekom.

Na di osse fersorg is gaan ons weer slaap. Di eerste plan di ogvënd froeg was om Umsalomi te laat haal. Daartoe stuur ons fer Henni en Klaas met 'n paar osse, om fer hom op 'n slé te breng, en ons gé fer hulle wat kos en drank oek mé om fer hom te fersterk, ter wyl Neef Hendrik en ek megaan, om meteen met di Boesmans wat sal kom werk akkoord te maak, en Neef Gideon alleen by di wa bly.

Umsalomi was tamelik redelik toen ons by hom kom. Hy had 'n end geskuiwe tot hy 'n soort fan doornboompi, wat omtrent dislfde dikte het as syn been, eu daarfán had hy 'n stuk bas, fan omtrent 'n span lank, afgesny en afgehaal in twe parte, sodat dit twe holle gente form, waarin di been net pas, en so het hy di been g. spalk, in di bas met 'n riimpi daaron, en ek glo ni 'n dokter sal hom dit ferbeter ni.

Dan het hy wat ingeneem, en op di wond geset oek, sodat di been amper ni geswel en oek ni erg pynlik was ni. Mar op ons fraag waar hy wou geloop en wat hy wou gedoen hé met ons osse wou hy gen antwoord gé ni.

Toen ons met hom by di rifir kom was di 6 Boesmans al daar besig om fer hulle 'n skerm fan takke te maak. Hulle het ni feul beswaar gemaak om te kom werk ni, es ons hulle net fluks wil foer met di fles fan wild wat ons skit en di felle en horings an hulle wil gé om op Tati te gaan ferkoop of ferruil. Mar ret soos Klaas gesé het, hulle wil snags hiir deuskant di rifir kom slaap, en daar hulle dus smorrens en saans 'n hele end moet loop, sou hulle mar min kan werk. Tig was daar gen ander kans ni, en moes ons di plan mar anneem.

Mardi dag sou hulle mar hulle skerm of kraal reg maak en di follende dag kom werk. Toen ons by di wa kom met Umsalomi was di dag oek al om, en was almal mar moeg, sodat ons mar froeg nag gemaak het.

Di follende dag was almal weer an hulle werk. Ons het di Boesmans laat begin om 'n bitji breed en fer di grond weg te werk, om di afgeskuiwe grond en klippe weg en di ingang fan di grafkelders weer ope te kry. Di derde dag aad kom Neef Gideon en Neef Hendrik met di berig dat hulle nog ni di ingang ope het ni, mar deur di wegwerk fan di losse grond en klippers het hulle ontdek dat opsy nog 'n opening is met 'n klipdeur, wat hulle oek wil perbeer ope te kry.

Mar in di dri dage had ek oek al weer 'n héle stuk fertaal wat ek nou fer hulle voorlees, soos folg :

Di twe jcnge prinsesse groei foerspoedig op. Di dogter fan Osifra, wat an di koninklike paly opgefoed worde as dogter fan di kroonprinses, haar naam was Pates, en di dogter fan Ramaka, wat deur di priisters opgefoed werd in alle kunste en weteskippe, haar naam was Balkis.

Na eige jare steif di koning en kom Pinetem op di troon, en 'n seun as troon opfolger word an hom gebore. Toen Balkis 18 jaar oud was kom da'r 'n Karafaan uit di land fan Punt, en di twe fernaamste raadsmanne same, met di berig dat di Koningin fan di land o'erlede is, en met di ferszoek dat di Koning Pinetem, follens di froegere o'errenkoms met Koningin Hatasu, wat nog altyd fan krag was, 'n nuwe Koningin moes anstel.

Gewoonlik werd 'n dog er uit di koninklike of priisterlike famili in di stille opsettelik daartoe opgely, soos nou di gefal was met Balkis. Met feestelikhyd werd di gesantskap ontfang. Na ferloop fan 8 dage werd Balkis plegtig gekroon es koningin fan di land fan Punt [**Skeba**], en na nog 8 dage fan

feesfiring werd sy met forstelike geskenke weggestuur met di gesantskap en di karafaan. Di gehym fan haar afkoms en di omruiling is an haar nooit geopenbaard ni, so het sy ni geweet dat sy di ware dogter fan di Koningin was ni, en di Koningin self het dit oek ni geweet ni, net mar di Koning en Olifra en enige priisters. Mar Balkis was buitengewoon slim in al di gehyme wete skappe fan di priisters fan Mitsra'im [Egipte], en was baing geheg an di priisteres Osifra, wat us pleegmoeder haar opfoeding onder sig gehad het.

Kort nadat Balkis weg was na di land fan Punt [Skeba] stuur Salomo, wat toen Koning was in plaas fan syn fader Dawid in Jerusala'im, 'n gesantskap na Pinetem en laat hom syn oudste dogter frafer 'n frou. Pinetem stem daarin toe, en Salomo stuur 'n deftige gesantskap met 'n karafaan om haar af te haal. So werd Hanes Salomo syn twede frou, want hy was foor di tyd al getroud met Na'ama, 'n Ammonitise prinses, di moeder fan Rehoboam. Mar in Isra'el was nog gen wet dat di oudste seun fan di eerste frou di troonopfolger moes wees ni; want Salomo self was ni David syn oudste seun ni. Daarom het Pinetem tot foorwaarde gestel dat Hanes Salomo syn hoogste frou in rang moes wees, en daarom het haar fader oek fer haar geordr om di godsdienst fan Isra'el an te neem. Salomo het haar dan oek di hoogste ere geë en fer haar 'n aparte paly gebou in Millo, omdat sy Egiptenare angehu het fer haar hofdames en bediendes, waarfan Osifra een was.

In di jaar 480 nadat di Isra'elite uit Mitsra'im [Egipte] terug gekom het, in di 4de jaar fan di regering fan Salomo, op di 2de dag fan di 2de maand, genoem Sif, werd di fondament gelêg fan di pragtige tempel op di berg Moria, op di rots wat Arauna gebruik het fer 'n floer, in di jaar 2,988 na di skepping fan di mens. In di 11de jaar fan Salomo syn regering was di tempel klaar, mar di inwyding daarfan h'thy uitgestel tot di follende jaar, omdat dit di jubeljaar was. En in di 7de maand fan di jaar, genoem Etanim, op di 7de dag fan di maand begyn di inwyding, met grote prag en heerlikhyd, wat geduur het tot di 14de dag fan di maand, en fan di 15de tot di 23ste was di Loofhutte fees.

En Salomo het al di tyd groot en altyd groter geworde. Hy het toegeneem en uitgemunt bo al di kounings in wyshyd en ferstand, in ryk lom en fermoge, en syn naam gaan uit o'er di hële wêreld; want hy het handel gedrywe met alle lande, en alle koninge kom fer hom besoeke en hulde betoon. En Hiram, di koning fan Tirus en Sidon, wat altyd 'n frind was fan Koning Dawid, het fer Salomo gehelp met boustoffe en werksmense om di tempel en palyse te bou.

En Salomo het baing goud en hout en andere kosbare dinge fer di tempel gekry denr di Fenisiers fan di land fan Punt [Skeba] af. Daarom laat Salomo self fer hom skippe bou an Esion-Geber, an di Rode Sé, en hy kry fan Hiram bekwame Sémanne, wat hy met di skippe stuur na di goudland toe. Hulle gaan met di skippe tot an Ofir, en daar bly hulle 'n jaar o'er, en gaan dan handel, en di 3de jaar kom hulle terug.

En Salomo het gewet di afkoms fan di Koningin fan Skeba, en di gehym fan haar afkoms en geboorte en fan di omruiling wat daar plaas gehad het; want Hanes had seit in di stilte an hom fertel. Mar fer haar dogter Hanes, Salomo syn frou, het sy dit nog altyd gehym gehou.

En Hanes was onfrugbaar en had gen kinders ni. En toen Salomo al meer andere froue neem behandel hy fer Hanes al onferskilliger, en in di stilte treur sy baing daar'oer. Mar in di gehym had sy fer Elihöref, Salomo syn gehymskrywer baing liif, en hy fer haar oek. En Salomo het dit gemerk, mar hy hou fer hom of hy niks merk ni. Mar Salomo het baing gehou fan Osifra, en wou fer haar geneen h't as een fan syn bywywe, mar sy wou ni.

En toen Salomo syn skippe stuur na di goudland toe, stuur hy di follende briif same fer di Koningin fan Skeba, want hy wou fer haar baing graag siin:—

“Fan my, Koning Salomo, an U en Uw regering frede!

“Laat dit an U beke d wees dat Jawê, di Almagtige God, fer my di magtigste Koning gemaak het op di hële wêrde, en alle Koninge fan di Noorde, en fan di Suide, en fan di Ooste, en fan di Weste kom fer my gelukwens en ferceer met persente, net U all'en nog ni.

“Kon U oek; ek bid U, en erken myn gesag, en baing eer sal an U bewys worde. Mar as U wyger, dan sal ek met mag U tot erkenning dwing.

“An U, Koningin fan Skeba, is di briif gerig in frède fan my, Koning Salomo, seun fan David.—Faarwel.”

En met di briif same stuur Salomo baing geskenke, deur di hand fan Agimaas, seun fan di opperpriister Sadok.

En toen di gesantskap met di briif en persente ankom by di koningin in Kitore [**Simbabwe**], di hofstad fan di Koningin fan di ryk fan Skeba, roep sy dadelik haar ouds'le en raadsmanne same om fer hulle te raadpleeg wat sy moet antwoorde. En hulle het di saak mar lig opgeneem, en geraai sy moet net mar 'n frindelike briif en persente terug stuur met di gesantskap en ekskuus maak dat dit te fêr is en sy haar Koinkryk ni so la k kan alleen laat ni.

Mar sy won hulle raad ni anneem ni, sy hal fas besluit om Salomo te gaan besoek, want Agimaas en di gesantskap het fer haar baing fer el fan Salomo syn groothyd en heerlikhyd en slimhyd, en sy was baing nuuskirig om fer h m te siin en feral om syn slimhyd te hoor, want sy was self baing slim.

Daarom laat sy toen kos'are pe'sente klaar maak, fan goud en silwer en edelgesteentes, di mooiste wat haar goudsmits ooit gemaak het; en hulle was di beste goudsmits fan di wêreld; en stuur dit terug fer Salomo, deur di hand fan Agimaas, met di follen le briif:—

“Balkis, Koningin fan Skeba, an Salomo, di grote en slimme Koning fan di Hebré'ers,—frède en foorspoed!

“Amun ra, di Meester fan al di Gode en Skepper fan alle dinge, en Farao, di koning fan Mitsra'im [**Egipte**] h t fer my Koningin gemaak fan Skeba, di rykste goudland fan di wêreld, en het myn heerskappy gesegen.

“Mar ek het gehoor dat U di slimste en rykste en magtigste Koning fan di wêreld is, en myn siil dors om uw heerlikhyd te siin en uw slimhyd te hoor. Daarom kort n dat U di briif ontfang sal ek U self kom begroet.—Faarwel.”

Nadat di gesants'ap terug gegaan was met di skippe fol goud en silwer en edelgesteentes en mahoni-

hout en gom [**fer wiroom**] en ifoor en foolstruisfere en ape en buing an ler goed wat hulle gehandel het, maak Koningin Balkis fer haar oek klaar om o'er land met 'n karafuan fan kaméle o'er di land fan Mitsra im [**Egipte**] na Jerusa'a'im te gaan, om fer Sa'omo t<sub>3</sub> besoek, met 2 fan haar raadsmanne en baing bediindes en pragtige en kosbare pers'nte, en kort daarna fertrek sy.

Dit het omtrent 3 jare geduur fo r di gesantskap fan Salomo t rug was met di kosbare skatte. Mar di landsrys het nog langer geduur as di teugrys fan di skippe. Eers kom Koningin Balkis in Egipte en word daar feestelik ontfang deur Pinetem en al di forste en priisters. Daar hoor sy toen dat Hales getroud is m t Salomo en dat Osifra oek same met haar is na Jerusa'a'im. Toen trek haar hart nog meer daarh en. Sy stuur toen 'n gesantskap daarfandaan af fooruit om fer Salomo te laat weet dat sy and' kom is, en na twe wêke rys sy ferder.

En toen Salomo di tyding kry dat sy and' kom was, stuur hy fer Benajahu [**Benaja**], di seun fan Jehoja'a [**Jojada**], di generaal fan syn leger, in di gemo t om fer haar in te haal, met 'n béle gefolg, deftig uitgerus. Toen Koningin Balkis fer hom siin klim sy af en buig sig, want sy dog dat dit Koning Salomo was. Toen fra Benajahu waarom sy dan afklim, waarop sy fra of hy dan ni di Koning is ni. Hy sê toen, né, hy is mar een fan Salomo syn ambtenare. Daarop draai sy fer haar om en sê an haar hofdames: “As dit mar een fan syn ambtenare is, en di het al so'n edele en grootse foorkom, hoe groot moet syn Koning dan ni wees ni?”

Benajahu heet haar toen hartelik welkom nit naam fan K ning Salomo, en sê dat hy gestuur is om fer haar in te haal. En so gely hy fer haar éwe deftig Jerusa'a'im in tot by di Koning. Osifra en Elihoref had dit so weet te o'perlê, dat Salomo befel gé om di K ningin fan Skeba te laat ontfang en loseer in di paly fan Hanes, omdat sy 'n Egiptise prinses fan afkoms was en dus di beste tuis sou foel in di paly wat heeltetal op Egiptise manier ingerig was. Daar werd toen fertrekke opsett'lik fer haar ingerig, en deftig gemeubil'er, onder toesig fan Osifra en Elihoref, wat spesiaal belas was om fer haar te ontfang en al di tyd fer haar te sorg.

Sy kom di agtermiddag an, en Elihoref gaan haar omtrent by di stadspoort haal en gely haar na di paly fan Hanes. Daar staan Osifra en Hanes weer klaar om fer haar te ferwelkom en tuis te maak. Bowediin had Elihoref, as gehymkskrywer, opdrag fan Koning Salomo om haar in bisonder nit syn naam welkom te heet en uit te nooi om hom di follende dag an syn hof te besoek.

Di héle befo'king fan Jerusala'im het uitgegaan om di bisondere gesantskap uit so'n férre land en di Koningin fan di ryke goud-land te begroet. Nadat di gewoel ferby was en di Koningin fer haar tuis gemaak het in di paly, en wat gerus het, ferzoek Osifra fer di twe Koninginne, Balkis en Hanes, om di aand in haar kamer stil met haar deur te bring.

Fooraf was egter 'n tyd bepaal waarop Salomo syn hoofambtenare en di ansiinlike fan di stad di Koningin fan Skeba kon kom begroet, terwyl Benajahu en Elihoref fer hulle bekend stel. Daar kom toen Sadok, di Opperpriister; dan Agia en Josafat, di twe andere gehymkskrywers fan Salomo; ferder di oue profeet Natan, met syn 2 seuns: Sabud, wat di Koning syn fertroudste Gehymeraad was, en Asaria, di opperste opsiner o'er di 12 hóghe ambtenare wat di bestuur had o'er di inkomste fer di Koninklike tafel, hulle was getroud met di Koning syn 2 dogters, Tafat en Basemat, ferder nog 'n héle party fan di Kohanim [manne fan forstelike rang].

Toen di aand alles stil was laat Osifra di twe Koninginne in haar kamer kom en laat alle hofdames e' bediendes weg gaan en fersegel di deur, met 'n wag buitekant. Sy laat alby hulle sluiers afhaal en bring fer hulle foor di spii, en sê:

“Bekyk makkaar nou same goed, en omhels makkaar dan met 'n soen, want julle is susters, dogters fan één fader, di Koning fan Egipte.”

Di twe was eers ferbaas en wat ferlége, want di gehym fan hulle afkoms en di omruiling was hulle al twe onbekend tot nou toe. Mar drar was 'n wonderlike gelykenis tussen hulle twe in gesig en in postuur.

“Dis genoeg, kom sit nou hiir by my”—sê Osifra toen na 'n rukki stilte. “Julle twe is dogters fan één fader, mer fan twe moeders. Mar gen een fan julle twe het tot nog toe ooit julle regte moeder as

moeder omhels ni. Hanes, jy is ni di dogter fan Koningin Ramaka ni, jy is myn dogter; en Balkis, jy het nooit di genoeg gehad om te weet wi jou ware moeder is ni; ek het as Pleegmoeder fer jou opgefoed, mar jy is di dogter fan di Koningin.

Daarop fertel sy fer hulle toen alles wat foor en by en na hulle geboorte gebeur is; mar sê daarby dat dit 'n dipe gehym is en moet bly. Alby omhels en soen toen fer haar. Eers Hanes, watsê: “Myn moeder nou groet ek jou fer di eers'e maal as myn moeriet, hoewel jy fer my jare lank as 'n tedere moeder gesorg, en ek jou as 'n dogter liifgehad het.” En Balkis omhels en soen fer haar daarna, dat sy fer haar so teer opgefoed het en gesorg het dat sy tot di stand fan Koningin ferhef is.

Daarop haal Osifra 'n goue halsband uit en hang dit om Hanes haar hals, en sê: “Di halsband was altyd 'n erfstuk wat o'ergegaan het fan di een Egiptise kroonprinses op di ander, as 'n talisman, om al hulle wense te ferful. Hanes, jy is di ware erfopfolger, daarom sit ek dit nou om jou hals. Eerder kon ek dit ni doen ni, omdat jy di gehyme fan jou afkoms ni geweet het ni. Bewaar dit nou, en dit sal fer jou 'n befeiliging wees en 'n middel om al jou wense te ferkry. En jy, Osifra, ek sal o' r jou oek waak soos 'n b skermengel.”

Daarop groet hulle nogeens makkaar met 'n soen en gaan slaap.

Sofer lees ek wat ek fertaal had. Myn klyne gehoor was weer éwe andagtig, so andagtig dat hulle partyk erfgeet om te rook en di pyp l at dood gaan. Henni was weer di eerste: “A né, mar di ou rol gesels daarom net lekker. Né, Mereer du Toit moet nou fluks f'rtaa), laat ons ferder kan hoor; en di Boemans moet werk, laat ons di gat ops grawe; ek wil nou oek goed gaan kyk hoe di lyk fan di Koningin lyk wat ons nou fan hoor; en ek wil nou oek gaan kyk wat in hjar kamer op di mure afgeteken staan.”

“A, Henni, siin jy nou?” sê Neef Gideon, “jy wou mos somar weggaan, en niks fan di ou gedoente wett ni.”

Hiir fal Neef Hendrik toen in: “Mar wil julle glo, di halsband is straks nog diselfde as wat ons by di ou Kaffer-towers gekry het.”

“Dis nooit anders ni,” laat Henni haastig daarop fo g. “Mar ek ferwonder my waar di ou-myd daaran kom.”

“A, deur o'erérwing”—sê Neef Hendrik. “Ons het mos gesiin di grafkelders was froeger ope gemaak, molik het hulle dit toen fan di mummi of lyk haar

bals afgehaal, en so is dit onder hulle fan geslag tot geslag o'ergegaan."

"Né, dit kan ni"—sê Neef Gideon, "want di halsband is mos ni an di Koningin fan Skeba (Balkis) gege ni, mar an di frou fan Salomo (Hanes)."

"Dis waar oek"—sê Neef Hendrik, waarop ek hulle indagtig maak dat ons nog ni an di end fan di geskiedenis is ni en dus oek nog ni weet wat fan di halsband geworde is ni.

"Né, mar iets anders word fer my hiir oprehel'er. Dit was fer my altyd so wonderlik dat Salomo fer di gode fan al syn froue aparte tempels laat bou het—fer Astoret (Fenus), di godin fan di Sidoni'ers; fer Milgom, di god fan di Ammonite; fer Kamos, di god fan di Moabite, ens.—mar dat hy fer di Egiptise godsdiins gen tempel laat bou het ni, hoewel Farao syn dootter sy fernaamste frou was. Mar nou siin ek, dis omdat sy di Jcodse godsdiins angeneem het"—merk Neef Gideon op.

En daarop gaan ons slaap.

## Onder Kunderpes Kwarentyn.

Alles is nou toe gesluit;  
Werke is nou regte skaars;  
Foordeel maak is oek nou uit;  
Sonder werk lyk so barbaars.  
Meel is nou oek waarlik duur;  
Transport leg by hope.  
Geld te maak is nou mar suur;  
Niks kan ons ferkope.  
Wat nog effe iits kan doen,  
Is daarop hoogmoedig;  
Al gaan hul dik di bottels soen,  
Tog hul is foorspoedig;  
Want hul reken op hul werk,  
Daar leg segen by.  
En misken di hand so sterk,  
Waar hul segen kry.  
Di poliis moet hard betaal,  
As hulle wat wil hê;  
Dan word hul oek sleg onthaal,  
Foor Kombuisdeur lê.

S.

Postmasburg.

Di Afrikaanse Almanak ver 1897 is te kry, en glo my van deuse jaar is hy belangrik. Di hele brand-siikte wet van 1894; di kos alleu al 1s. 61.—Dag i daar 'n gids (of "Directory") van sowat al di dorpe en distrikte in Suid Afrika, waar hulle lê, hoe hoog, opbrengste, bevolking, ens. En 'n menigte ander nuttige dinge en dit alles net ver 1s.

## Onder Leeus in di Bosfeld.

**M**YN frinde, ek wil jul fertel hoe dat dit met my gegaan het in di winter. Ek is weg fan di huis af op di 29ste April 96, na ni Bosfeld toe. En daar waar ek gestaan het is nog baing Leeus, wolwe oek. Di eerste nag wat ons daar was het di wolf 3 fan neef Hendrik se skape gefang; di aand het daar 'n klompi beeste oek in di feld gebly, en di het naderhand daar na an di wa gebulk, en daar was 'n koei by wat di kalf by di wa was, en di kalf sit af toen hy syn ma hoor bulk. Daar was 'n dipe klofi tussen di koei en di kalf, en toen hy 'n rukki weg was, toen brul hy, en di kaffer wat di hamels oppas di sit af met 'n stomp fuur; en daar kom di kalf, en daar kom di kaffer foor en di kalf agter, tot by di wa, en dit was al di tyd 'n wolf wat di kalf gekwes het.

En toen was ons an di gang om krale te maak, toen word ek siik, ek het so 'n freeslike kopseer gekry; so dat ek moes kasteröli drink, of ek wou of ni; en toen di krale mooi klaar was (want jul kan begryp dat dit gou gaan, want dit word fan takke gemaak), toen kom di nag Oom Stefaans (soos ons hom in di wandeling noem), di Leeu, en di skape skrik, en daar hoor Hendrik, en Kasper freet, en dit ké hóe ká ké ké kè, dat dit ni maklik was ni. Ek dink dit was wolwe wat by di Leeus was, en di twé dog dat dit wolwe was, hul harkloop om di kraal en skiiit 'n paar skote; en daar blaas oom Stefaans en neef Hendrik fra fer neef Kasper: "Wat is dit?" Hy sê: "Né wat, dit is mar wolwe."

Di anderdag morre siin ons di oom Stefaans se spore daar staan. Toen het ou oom Stefaans weer 3 skape uit di kraal gehaal by di kaffer, wat fan di wa af gelê het met di oolie. Dit was 'n frese-like geskré en 'n geskiiit by di kaffer di nag.

Toen het ons di ander dag gaan seek. Ons had dan oek gougou spoor; mar ons kon hul ni so kry, dat ons hul kon siin ni; en di hond fan my is altyd so 'n entji foor ons op di spoor, en daar steek hy fas, en spring om, en gé 'n tjank en di stêrt tussen di bene tot agter ons. Toen was dit klaar om op di spoor te loop met di hond; mar dit moet ek myn frinde en ooms daarby sê, dit is so ruig dat 'n mens ni hemel en aarde amper kan beken ni; fan bosse en klippe en klowe en gras en berge.

Na dat di Leeu di hond skrik gemaak het, het hy 'n hele paar dage weg gebly. Hendrik en Kasper slaap op di grond tussen di 2 wa'ens op 'n katel, wat hul daar opgestel het, en ek op di wa. En di nag kom di Leeu so teen hoenders kraai di morre; en ons beeskraal was an di wa gewees, en di beeste wil ni algar in di kraal bly ni, daar was 'n paar uitgekruip gewees, en hy fang 'n mooi

jong tweejarige fêrs. Toen di fêrs brul spring di twe neefs op en hul skré : "Dis Oom Stefaans !" Ek spring oek uit di wa ; wat Kasteröli ni kan doen ni ; ek kon toen oek saam hardloop. Toen skré Hendrik, ek moet 'n stomp fuur bring ; ek gryp 'n stomp fuur en laat fat, en ek kryg hul 'n end deuskant di bees sit hul. Ek fra : "Waar is oom Stefaans ?" Hul seg : "Hiir ; di paar koeie het hom daardi bos in gejaag, en kyk daar leg di bees wat hy gefang het."

Ek siin toen 'n end fan ons af iits swarts leg op di grond. Ons loop toen so'entoe. Ek hou di stomp fuur bokant myn kop, en di ander twé met di roers loop klaar, en ons gaan tot by di bees, en ons maak 'n groot fuur op, en slag di bees af.

Toen het hy 23 dage weg gebly. Di aand sit ek en Kasper en foete was, en ons praat dat dit fenaand 23 dage is dat hy laaste gekom het, en meteens skrik di beeste. Ons skree toen fer di kaffers, dat hul moet groot fuur maak. Myn neef di seg toen fer my : "Miskiin het 'n bees an 'n tak geraak, en dat hul daarvoor geskrik het." En toen ek myn foete klaar gewas het, lat ek myn skoen fat en toen in di skoen steek, toen skrik di beeste, en daar kom hul hek toe ! en sommar by di hek o'er di takke. Ons spring op ; en myn neef hardloop na syn pèrd toe, en ek gryp myn roer en hol foor di wa'e om, waar di beeste ferby kom, en ek skiit 'n skoot. Mar di beeste di hol op di afdraande af na di klofi toe ; mar toen loop hul dat dit so dawer en kraak ; want dit was o'er di twé honderd beeste.

Toen hoor ek 'n kalf brul ; hy sê net *bê!* Toen skré ons na di kaffers, dat hul moet kom, dat ons di beeste kan gaan keer ; en di beeste di stop 'n end onderkant di kraal ; en ek en één kaffer hardloop onderkant om, en Kasper en één Kaffer hol bokant om ; en di kaffer wat by hom was se naam is Swartbooi. En hy skré : "Swartbooi, kom !" en hy sê : "A baas, di fuur is te klyntji." en hy had reeds 2 yselike groot stompe fuur in syn hande. Ons hardloop toen om di beeste, en keer hul om kraal toe. Toen bars daar 'n klomp bokant ferby, omtrent so. Toen het ons eers di groot klomp by di kraal gebring, en toen het ek en Kasper en di kaffer wat di hamels oppas di klomp wat op loop gegaan het agter na gesit. Di eerste trap ek in 'n gat, en daar leg ek. Ek spring op en lat fat weer, en toen ons amper 1000 tré gehardloop het, toen fang 'n stomp myn maat se 2 béne, en hy fal met roer en al dat di sand so spat. Hy staan op, en gé fer my syn roer, mar praat niks ni. Ek siin toen naderhand dat hy na syn asem soek, en hy had net banja seer gekry.

Ons was di beeste skuins foor gewees, mar met de spektakel was di beeste uit ons uit. Toen draai ons om en kom wa toe. Toen seg ek, ons moet eers 'n fuur opmaak, so dat ons elkeen 'n stomp fuur kan in ons hand fat. So gesé, so

gemaak. Di anderdag morre toen lê daar 'n kalf omtrent 5 tré fan 'n walletji af en op di walletji was ek di nag gewees, sonder dat ek dit weet dat di oom Stefaanse daar was met di kalf.

Ons het toen daar gestel, en di eerste aand een gekwes en di tweede aand was Tys Lourens net daar met syn beeste en ons beeste, in di kraal bokant di wa, en di skaapkrale is half skuins foor di wa, en Tys se beeste di lê foor di wa di aand, en ons sit by di fuur en gesels o'er Oom Stefaans. Toen sê oom Tys : "Fannag moet ons ni dat di Leeu di beeste fang ni ; en as hy een fang, dan moet ons hom dit afneem ; en dis nou 'n boek, dan moet ons di bees slag en beesflys braai." En meteens skrik syn beeste, en daar gaan hul ; maar di kaffers was onderkant foor, en hul keer hul, en ons gaan toen anderkant di beeste sit ; en perdoms ! perdoms ! slaan 2 skote by di stel ; en oom Tys sê : "Skiit nog 'n skoot ! dat di wat o'erbly kan nog ferder flug." Hy seg toen : "Ek foel dit an my, morre slag ons oom Stefaans ; en 'n stuk fan syn flys moet ek an di saal fas maak en ek neem dit di berg uit, di mense moet dit braai, en daarfan eet, want dit is 'n groot man se flys." Mar di anderdag morre toen was daar niks as net bloed.

Ons het toen gaan soek na di 2 Leeus, mar ons het hul ni gekry ni. Ons het ou Koot Joubert met syn kinders geroep ; en hul het gekom met hulle honde wat so danig fluks is, mar toen hulle di oom Stefaans sê spore kry wou hul ni foor loop ni, mar agter ons, en ou Koot sê : "Baatnossi ! jy moet jou geweertji klaar hou, want ek floek jou dit foor, as hy kom kom hy uit syn 4 spore ; ek floek jou foor hy rol nes 'n fel en kom byt." Nou genoeg fan di slag.

Kort foor ons daar weg trek kom di Leeu weer een aand en hy maak di beeste skrik. Ek en myn neef Kasper Badenhorst loop hard na di kant toe wat di beeste skrik, en skiit 'n paar skote ; en toen maak hy weer di skape skrik, en toen daar oek 'n paar skote geskiit ; toen kom di maan op, en was dit stil. Toen moes di kaffer, Swartbooi, wat di beeste oppas, 'n fuur op gaan maak agter di kraal en myn neef loop ook so'entoe ; ek loop toen ook agter hom an. Toen gaan hy agter 'n stomp sit, agter di stomp is di fuur. Toen blaas hy nes 'n Leeu, en di ou kaffer di spring op met 'n stomp fuur in syn hande. Hy kyk dan dikant, en dan dikant fan di stam fan di boom om, en hy skré : "Baas Jan ! kom help." Ek sê toen fer hom : "Ek kan jou ni kom help ni, want hiir is ek, hiir naby jou, en myn roer lê by di wa." Ek fra : "Wat is dit ?" Hy sê : "Ek weetni baas." Ek sê : "Is dit ni 'n Leeu ni ?" Hy sê : "Ek dink so." Toen sê ek : "Gooi hom met 'n stomp fuur." Toen skré hy : "Baas Kasper, kom an !" Mar Kasper gé ni antwoord ni, en toen laat hy fat anderkant di kraal om, en



Kasper agter hom an tot naby di wa. Toen lag Kasper en toen draai di ou kaffer om en hy sê: "A man, ek amper dood."

Nou sal ek mar sluit met verhaal, want julle het dalk ni meer plek ni.

J. A. L. TALJARD.

### "Almal se dis baing mooi."

*Ons Klyntji*, 'k wens jou feels geluk;  
Tot hier het jy reg uit gedruk;  
En nou het jy al feel gedaan.  
Daar is fer jou 'n grote baan  
Om ons tot nut ons foor te gaan.  
Ons sal jou help en by jou staan,  
Om jou te sterk in tyd fan nood,  
Al is dit met 'n stukki brood.  
Geld sal ons jou oek altyd stuur.  
Ni dat ons jou daarfoor wil huur;  
Want né, ferhuur moet jy ni wees,  
Daarfoor het ons 'n grote frees.  
Né liefde moet ons same bind;  
Waak dat dit nimmer word geskind.  
Op Jongelings fereeniging  
Skaam ek my ni om jou te bring.  
Di stuk: "Foor Honderd jaar en nou"  
Het ek geresiteer wít jou.  
Gehuil—gelag—party was rooi:  
Mar almal sê, dis baing mooi.

Di rooies, kan jy self ferstaan,  
Jy het hul o'er di kop geslaan.  
Di waarhyd het te grof gekom,  
Wat skuldig was, was sommar stom.  
Party word kwaad en wil ni hoor.  
Wat jy so in hul ore boor.  
Jy byt so seer as 'n honger-flooi,  
Mar almal sê, dis baing mooi.

Di waarhyd is nog nooit so reg,  
So duursaam foor ons neer gegel.  
Ons weet di pad en ken di weg,  
Mar *Klyntji* kom en wys ons reg.  
Want Nesper praat met ons deur jou  
Di waarhyd kan elkeen beskou;  
Want te'ensprek dit kan gen mens,  
Al is dit oek syn harte wens.  
Laat één hom hoor, is hy gefop,  
Want Nesper sal syn mond gou stop.  
En daarfoor is *Ons Klyntji* daar;  
Di waarhyd sê hy kant en klaar.  
Nou, *Klyntji*, lui di klok syn bel;  
Laat Nesper fer ons nog fertel.

Oom Nesper laat jou nog eens hoor;  
Laat fan jou waarhyd niks ferloor.  
*Gé Klyntji* rond, laat almal lees.  
Want dit kan hul tot segen wees.  
Want waarhyd word so uitgestrooi.  
En almal sê dis baing mooi

Di waarhyd druk elk teen di muur,  
En pers di woorde as met fuur  
Fan elkeen af; hul word so rooi,  
Mar almal sê dis baing mooi.

Nou, later sal ek weer getuig,  
Sodra di waarhyd word ferbuig.  
Ek wag net op wat Nesper seg,  
Dan oordeel ek of hy is reg.

J. G. G.

Bruwers Hoek  
15 Dec. 1896.

### 'n Paar Grappiis.

*Aan di Redakteur fan "Ons Klyntji."*

Meneer,—Ek stuur jou enige grappiis, fer "Ons Klyntji," wat nog fanselewe gebeur is, en ek hoop dat jy dit sal plaas.

Ons het hier an Groot Rifiir gewoon, ons was nog kinders, ons ouers ry kerk toe, en toen moes ons by Oom Gabriël gaan, net o'er di rifiir. Maandag kom ons ouers, en toen was Groot-rifiir gelyk fol. Dit het di jaar so baing geroon.

Ons sê an Oom Gabriël hy moet ons deur breng met di skuit, hy sê: "Né kinders, di rifiir is te fol, dit is te gefaarlik." Mar ons was haastig om di lekkergoed te kry, want pa het altyd 'n groot blik fol saam gebring. Naderhand sê di ou: "kom," want hy het ook net lus gehad fer 'n paar glasiis. Pa het altyd self drank gestook.

Ons kom by di rifiir. Dit was 'n groot gesukkel om di skuit in di stroom te kry, want ons twe was mar klyn, baing bang en sit soos twé nat hoenders fol ans. Oom Gawi syn seun Koos en syn swa'er Koos was di roeiers, hy self staan regop in di skuit en gé altyd orders hoe hulle moet roei; hy sê altyd: "Toe, Koos; toe, Koos; bakwater, Koos; bakwater, Koos."

Daarna sê syn seun Koos: "Mar, pa, ons is mos al twé Koose, ek weet ni fer wi pa so anjā ni." Toen sê di ou: "jong, wat praat jy nog teue, kan jy ni sien dit is nog gefaarliker as op sé ni? Ek sal nou sê, "jy Koos" en "swa'er Koos." Toe nou, jy Koos; toe, swa'er Koos; gelyk op! dit is wat ek baing kennis fan het, n.l. fan 'n skuit."

Toen hy siin ons forder so goed sê hy : “ gelyk op, gelyk op, bakwater, jy Koos ; bakwater, swa'er Koos ; gelyk op, gelyk op ! ”

Naderhand sê di ou : “ Dit is feuls te aardig om te sê “ jy Koos ; ” ek sal nou sê “ *mijn* ” Koos en “ *swa'er* ” Koos. Toe nou, myn koos ; toe, swa'er Koos ; bak-water, myn Koos ; bak-water, swa'er Koos. ” En op di end was ons deur.

Een fan ons het op di blik gesit waar di pik in was, en di ou sê fer syn Koos : “ Hoe is dit molik Koos, jy het gesê hiir is ni meer pik ni. Di ou fat 'n bitji met syn finger om 'n lek plekki toe te smeer in die skuit. Hy sê an-Koos : “ Mar myn mintig, Koos, dit is mos gewel plyster ! ” So kom ons yndelik deur. Nadat di ou 'n paar snappiis binne gestoot en syn lyf sterk gemaak het, is hy weer sonder teenspoed deur huistoe. Di ou was toen gou baingspraaksaam en skrikkerig, syn hoed het in di skuit gebly lê. Toen hy tuis kom fra syn frou “ waar is dan jou hoed ? ” Hy sê : “ frou. is jy mal ? ek het mos myn pêrde stert hoed op. ”

“ Toen ek en myn swa'er hiir digteby di huis kom fra hy waar di mense dan so baing skiit, ek sê : “ jou dowe kwartel, kan jy ni hoor dat dit myn hat is wat fan angs so klop ni ? want ek foel nog aldeur hoe di skuit met terugkom omhoog en onlaag gesyl het. ”

Di volgende dag moes oom Gawi weer trek-kaffers deur bring. Di rifiir was mar nog fol en di klyngoed was baing bang, een fan hulle gaan and 'n huil ; di ou was regte kort fan gedagte, hy sê : “ stil mar, myn kind ; pa is net nou deur. ” ... Met eens kyk hy om en siin dit is di kaffertji, en hy sê : “ huil mar op, jou swarte kaffer, ek is ni jou pa ni ; wat sal di mense sê as hulle hoor dat ek my so ferkeerd uitgedruk het ; mar ja, so gaan dit as 'n man hom di forige dag fersluk het. ” — G. P.

### Hoe ek gefry het.

**G**ELIIFDE KLYNTJI,—Ek wil fer jou graag myn lewensloop fertel. Fan myn 15de jaar af was ek skaapwagter. Mar intusse het ek 'n mooie mysi gesiin, op wi ek ferliif werd. Ek ry oek op 'n Saterdag na haar toe. Spoedig was ek daar. Ek fraag fer A. B. om haar an my te ferloof, en kry oek di ja-woord. Mar ek is nog baing jonk en moes nog lank wag foor ons kon trou. En eer ek klaar was om te trou hoor ek sy gaan trou met Meneer A. E. Ek was toen baing treurig.

Toen gaan ek weer fry na A. D., en fandaar gaan ek na J. B. fry, en fandaar na C. S., en fandaar gaan ek na G. L., en fandaar gaan ek na M. L. fry, en fandaar na B. S., fandaar gaan

ek na A. S. fry, en fandaar gaan ek na C. A., en fandaar gaan ek na S. V., en dit was di regte. [Gelukkig, anhou win !—O. K.]

Nou wil ek eers fertel hoe dit gegaan het. Ek kom daar ; ek fraag haar om met haar te sit en praat. Sy kry so'n klyne skrikki. Di antwoord was : “ Ek sal siin. ” Ons sit toen en praat. Ek fraag haar toen of sy ni met my wil trou ni. Sy sê, sy weet ni. En so gaan dit fort, totdat ek di ja-woord kry. Ek had toen gen tyd om langer te wag ni. Ek wil hê, sy moet laat ons morre ouers fra. Sy sê : “ Né, dit ni ; dis te gou ; ons moet nog 6 maande wag. ” Mar ek is net skrikkerig dat andere jonkmans di kans fer my sal afneem.

Ek moes toen huistoe gaan, befrees dat ek di kans sal ferloor, want ek woon mar fêr fan haar af, amper 30 uur te pêrd. Ons maak toen ons besluit en ek gaan toen weg fan haar, befrees dat ek di kans sal ferloor. Ek had oek gen nag rus ni, totdat ek di 19de Juni weer myn ferskyning maak by haar. Toen was ons oek net gou klaar en fraag oek ouers. Dit was oek so reg. Mar ek wil graag di teleurstelling ferhaal in di follende *Klyntji*.

Uw Friend,

W. M. BRITS.

### Faarwel !

Di woord “ faarwel ” is pynlik,  
Di skyding self nog meer.  
Faarwel, myn seer geliifde !  
Faarwel, ek klaag ni meer.

Jy was my altyd frindlik,  
Jou liifde warm en ryn ;  
Mar ag, hoe eedler liifde,  
Hoe meer doet skyding pyn.

Ek is ni meer di uwe,  
Jy is ni meer di myn ;  
Jy het myn hart ferbrysel  
Deur 'n anders deel te syn.

Jy het my eers getroetel,  
Nou is jy my ontrou ;  
Nooit kan 'k jou weer gelowe,  
Nooit op jou woord fertrou.

Mar 'k wens jou als ten beste,  
Ja, alles na jou hart ;  
Al is myn pad oek donker,  
En smelt myn siil fan smart.

Jy was gelyk 'n rosi  
 Wat haas moet ope gaan ;  
 Jy was gelyk 'n leli,  
 Wat tussen dorings staan.

Jou pad was fol fan rose,  
 Met leliis ryk besaai ;  
 Jou pad was fol fan blomme,  
 Wat haas word afgemaai.

Mar siin ons nooit malkander  
 Weer in di aardse dal,  
 Dan hoop ek op 'n weersiin,  
 Waar niks ons skyde sal.

J. BLOMERUS.

Calefon, Napiir.

### Fani en Neli.

**D**IT was op Sondag 6 Des. 1896 dat Fani en Neli fer di eerste maal makkaar siin ; 'n jonkman en 'n nôi wat nou al 8 jaar ni meer as 'n uur te pêrd fan makkaar af woon. Dat hulle nou eers makkaar frindskappelik ontmoet, is, omdat hulle tefore onbekend was met makkaar, en dus ni feul invloed op makkaar uitgeoefen het ni. Fani is sowat 6 foet lank, donkerfaal fan hare, het bruinrooi baard en grouagtige blou oge ; hy is frindelik, marstil fan geaardhyd. Neli was iitwat kort mar effe fol of geset fan postuur ; sy had blonte hare, ligbloue oge, was baing frindelik en lêwendig fan manire. Op 'n goeie dag kom Fani met 'n rytuig daar waar Neli woon, en het hulle so goed kennis gemaak, dat hy met plesiir di hêle dag daar gekuier het. Eindelijk het Fani fer syn koesiir order gegé om di perde op te tuie.

Neli had 'n suster met di naam fan Anni en wat oek regte frindelik en spraaksaam was. Sy siin dat di kar in orde was en sê : "Myn tyd nogtoe, kyk Jan het al ingespan ! Né, dis mos alte froeg, ons kan nog baing gesels ;" waarop Neli laat folg : "Ag né, mar di kuiertji was tog alte kort." Egter word gegroet met di wense fan goeie rys en goed ferblyf asmede di wederkerige dankiis. Fani was net in syn knoppiis o'er di angeneame kuiertji, ni minder foldaan was di 2 dametjiis o'er di besoek, ja Neli was yndelik so reg in haar skik o'er di nuwe kennismaking. Fani het di aand gedurig 'n plesirige deuntji gefluit nadat hy tuis was, en di dametjiis kon jy di aand oek so nou en dan 'n deuntji hoor

sing. Dit word Woensdag 9 Des. en daar ry Fani weer na Neli toe, mar jy sou sê hulle ken makkaar al baing jare, want dit was 'n blydschap, 'n gelag en gepraat dat di huis so klink. Neli haar pa was weg dorp toe om fer Anni te gaan trouklere koop, want sy was mos 'n bruid.

Gawi was net daar by di ankoms fan Fani, en Neli was so bly dat sy somar sê : "Nou sal dit seker reen, wyl ons jou weer hûr siin." Fani het nouweliks gesit of hy kry 'n koppie lekker koffi. Hy sê : "ja, 'n reentji sal tepas kom, want dis baing droog, en daarom sal Neli wel fer ons 'n bitji musiik maak, met 'n goeie ferwagting op 'n gunstige toekoms." So gesê, so gedoen ; koffi drink en musiik wissel makkaar gedurig af met allerhande slikflooi-geselsery tussen in ; kortkort word gekyk of di kar nog ni kom fan di dorp af ni. So om half 4 kom Leni, 'n jongere sustertji fan Neli, en sê dat di kar and kom was anderkant di oue lande. Neli sorre fer di koffi. Anstons hou di kar dan oek foor di deur stil. Gawi en Fani had reeds ider 'n flinke boeky foor di bors. Gegroet en na di wedersydse welstand gefra, was alles net orlstryk, en daar dit teun di aand was, laat Gawi fat huistoe.

Nadat Gawi weg was kry Fani so half 'n skrik en sê : "myn tyd nog toe, wat het ek nou angefang om uog so lank te babbel—daar sak alreeds 'n bui reen uit!" Intussen het hy opgelet of daar tog ni iits in di weg sal kom ni om te belet dat hy nou moet huistoe ry opdat hy langer kan bly ; nou dat hy syn wens ferfuld siin, nou word hy kasta haastig, dog ider anwesige het goed gewet dat hy nou ni met syn yster-pêrd o'er di nat turfgrond kan ry ni ; oek trek di weeran alle kante toe en selfs hiir by di huis begin dit net strek te reen. Fani sit skynbaar 'n sombere gesig op as of hy spyt het dat hy nou tot las fer di goeie frinde sal wees, mar toen hulle hom di teendeel ferseker was hy dan weer tefrede, dog dit het juis uitgefal soos hy ferlang het ; daarom is hy dan oek in syn glori, want alles het uitge-loop na syn sin. Feral Neli het haar bes gedoen om fer Fani dit so angenaam te maak as dit mar molik is, want sy meen om daardeur gen dowe neute te kraak ni.

Alles werk toen mé dat daar geleendheid was fer Fani en Neli om ongehinderd alleen te gesels, so neem hy di kans waar om fan haar te wil weet of sy met hom sou wil deel in alle toekomstige lewensferarings, waarin sy dan oek minsaam toestem. Na nog 'n bitji geselsry was dit tyd fan eet. Toen dit klaar was het almal gaan slaap as behalve Fani en Neli, wat so 'n drukke gesprek had dat toen di reen om 11 uur ophou

neem hulle daar glad gen notisi fan ni. Tot om 1 uur het dit nog fluks gegaan, mar toen begin Neli so erg faak te kry, dat toen dit 2 uur word kon Fani haar ni bewe'e om langer te gesels ni; hulle groet makkaar met 'n paar kussiis en ider gaan toen slaap. Soos gesê word, dan het Neli 'n sagte en geruste nagrus gehad, dog Fani was onrustig o'er di nat pad huistoe. Toen dit mooi helder dag was, was hy tuis waar hy weet dat baing werk op hom wag. Hoe min hy ook al di nag geslaap het maak hy hom klaar om Neli o'er 'n paar maande weer 'n besoek te breng.

S. H. O.

(Word ferfolg.)

## Oom Jan en syn Eselmerri.

'N WARE GEBEURTENIS.

OM Jan was 'n oue foortrekker fan di Vyfstaar. Hy had 'n oue Esel-Merri fer 'n rypêrd. Bloemfontein was toen nog 'n klyne Dorpi.

Een morre sê ou tant Saartji, di frou fan oom Jan, an hom:—"Ou skat, ons koffi is op. Jy moet gaan koffi koop."

"Kiwiit, loop haal gou fer ou Pop" (di ou Esel).

Net gou was ou Pop daar en opgesaal en oom Jan bo in Pop haar kambene met 40 hoenner-yers om die koffi te ruil, en so gaan di ou nou an. Ente jaag hy dat di stof so trek.

Toen oom Jan in di dorp kom, net foor di Winkel fan ou Richardt, kom daar 'n kwaaijong met 'n stok agter ou Pop ferby. Oom Jan sê fer hom: "Slaan tog di ou esel; hoe kom pla sy fer my se, om by al di huise an te loop!" Di kwaaijong, in plek dat hy slaan, steek hy di stok tussen haar bene. Ou pop oek ni lings ni, gaan and agteropkop, oom Jan foor af, en al di yers stukkend.

Oom Jan spring op; so rooi as 'n kalkoen, en sê net: "Wag, knapi! jy sal-dit hê; en di yers sal jy moet betaal." En oom Jan stryk kantoor toe.

Di oue Meneer fan S. was toen Landdros. Toen di ou daar kom was di kantoor toe; en oom Jan stryk na Meneer syn huis toe. Toen di ou daar kom, was di frou fan di Landdros alleen by di huis.

"Juffer Van S. waar is Meneer Van S.?" sê oom Jan, êwe kwaad.

"Hy het gaan skiit," sê di frou. "Kom in, oom Jan; hoe lyk jy dan so kwaad."

"Ja, juffrou Van S. ek is reg-reg kwaad, en kom oek kla'e; want myn yers is almal stukkend gesmyt."

"Nou ja," sê juffrou Van S. "dan sal ek oom syn klagte opskrywe en fer di Landdros gé as hy kom."

"Goed," sê oom Jan juffrou Van S. gaan by di tafel sit, en begin te skrywe. "Gé nou jou klagte op" sê di frou. "Goed, juffrou! jy moet nou ferstaan, ek wil feronderstel. Feronderstel nou juffrou Van S., dat jy 'n esel-merri is, en ek ry op jou, en di kwaaijongens steek 'n stok onder jou stêrt, en jy gooi my af, en al di yers an stukkend; wi moet nou gestraf word, ek of jy, of di kwaaijongens, wat di stok onder jou stêrt gesteeke het?"

"Gaat met jou feronderstellings na di maan!"—skreeu juffrou Van S.—Oom uit by di deur, en daarmé was di saak afgedoen.

D. Z. NIKODEMUS.

## Dire Storiis.

BOBBEJAAN EN SKULPAD.

P 'n dag kom bobbejaan by skulpad en sê fir hom: "Ou maat, jy gaan tog mar met gesukkel deur di wereld, want jy kan ni eens met 'n kind saam stap ni." Toen sê skulpad fer kom: "Ek wet jou net waarvoor jy wil, jy sal my ni wen met résiis hardloop, mar dit moet ni in gelyk pad wees ni, dit moet deur bossiis of klippe gaan." "Goed," sê bobbejaan, "ek kan weer beter in di pad hardloop" "Ja," sê skulpad, "ons akkoort is, jy loop in di pad en ek buitekant in di bossiis; mar myn maag is vandag seer, ek wil eers gaan medisyne drink. Jy moet morre kom." "Goed!" en bobbejaan gaan weg.

En wat skulpad te doen het; hy neem 'n hele klomp skulpaai'e en sit fer hulle op 'n ry buitekant di pad in di bossiis, en sê fer hulle, as bobbejaan so 'n ent gehardloop het dan sal hyskré "skulpatji!" dan moet di naaste skulpat wat voor bobbejaan is antwoord gé en sê Oiatji. So gesê so gedaan. En op di bepaalde dag was bobbejaan dan oek daar en skulpad sê dan oek fer bobbejaan dat as hy so 'n ent gehardloop het dan moet hyna hom skré "skulpatji" en dan sal hy antwoord gé en sê "Oiatji." Di disnis plek sal wees di klip daar bo op di bult. Dis alles goed. Toen bobbejaan so 'n ent gehardloop het skré hy 'skulpatji' en vóór hom sê een 'Oiatji,; elkemaal skré hy skulpatji en dan sê di een wat voor hom is mar weer Oiatji en toen hy by di klip kom spring hy op di klip en skré hy nog een slag 'skulpatji,' endi een wat onder di klip lê, sê: 'Oiatji' "O ek

is al lank uitgerus," mar jy is nou moeg. Kyk jou bek hang nog oop." Bobbejaan het ni gedroom dat skulpad op syn manier so finnik kon reësiis loop ni.

### BEER EN DI MENSIEDIIRTE.

Jakhals en Beer kom eendag bymakaar en Beer vra fer Jakhals: "Hoe dink jy, wi is di sterkste gedierte?" "O," sê Jakhals "ek sê mensgedierte" "Nou dan moet jy fer my di mensgedierte gaan wys." En hulle stap an. Toen hulle 'n ent geloop het kry hulle 'n ou man. "Is dit di mensgedierte?" fra Beer "Ja, sê Jakhals, hy was 'n man gewees mar nou glad ni meer ni," en hulle stap mar weer an. Naderhand kry hulle 'n seuntji. "Is dit di mensgedierte?" vra Beer. Ja, mar hy moet nog 'n man worde" sê Jakhals, en hulle gaan mar weer fort. Toen kom hulle by 'n man met geweer en 'n klomp honde. Is dit di mensgedierte?" vra Beer, "ja dit is di regte man," sê Jakhals, "mar nou maak ek dat ek weg kom." "Ek wil hom gaan pak" sê Beer. Di man sit eers syn klomp honde op hom en di honde het hom gebyt dat hy ni wis waar heen ni. Toen kry hy hom onder di sambok en toen hy vlug skit hy nog 'n skoot agterna mar dis mis. Toen kom Beer weer by Jakhals, en Jakhals vra fer hom hoe het dit gegaan." "Né, mar naar," sê Beer hy "het eers syn klomp vlooië (honde) op my gesit en hulle het my gebyt dat ek ni wis waarek wasen toe kry hy my nog bo-op onder 'n opgeblase skaapderm (sambok) marek sê fer jou toen het ek geloop en hy spoeg nog 'n slag vuur agterna met 'n blouboontji. Dis mar al wat ek jou te sê het dat ek mar 'n noue ontcoming gehad het.

### BOBBEJAAN GEFOP.

Bobbejaan het altyd di boer syn skape gesteel (ten minste di stori sê so), mar di boer kon hom e in di hand kry ni. Een dag kry hy di plan om 'n pop van pik te maak en dit in di skuiwergat te sit, want Bobbejaan kruip altyd deur di skuiwergat. Hy maak oek di pop en wat 'n koeki en druk dit in di pop se hand. Toen di Bobbejaan di aant weer kom sê hy fer di pop: "gé fer myn koek," mar di pop kan mos ni praat ni en so bly hy mar stil. "Pop ek gé jou 'n klap as jy ni fer my koek gé ni" en Bobbejaan gé hom 'n klap en daar sit syn hand fas an di pek. "Sal jy lat los, sê Bobbejaan. Mar di pop hou mar fas." O ek het nog 'n hand," en hy gé hom nog 'n klap en di tweede hand sit ook fas. Di Bobbejaan het so angehou tot altwé sy agterfoete ook fas gesit het. "Ek het nog myn grootvader syn agter sambok," sê hy en hy slaat met syn stêrt di pop, en toen was hy heeltemaal fas. Toen het di boer hom tog in di hande gehad.

## Di Roosknoppi.

(Bekroonde Pryspraag):

FERKORTE INHOUD.—Di leser maak kennis met di persone wat di hoofrol ferful: Mnr. Retief en syn vrou, met syn 2 dogters Betti en Maria, en syn seun Dani, ferder met Betti Briuk, di niggi fan Mnr. Retief syn kinders, en haar frindin, Anni Joubert.

Dani en Anni het 'n gesprek o'er nasionalityt, waarin di onnodig gebruik van Engelse woorde afgekeur word. —Hulle gaan na di waterfal toe, in di berg; Anni fal fan 'n klip en breek haar been wat deur Dani gespalk word. Anni herstel, na 'n maand.—Anni en Dani in di blomtuin; sy gé an hom 'n roosknoppi wat hy moet bewaar, en hulle neem afskyd fan makaar.

Mnr. C. Brown di winkeliir on Mr. Van Dyk kom di aand by Mnr. Joubert deurbring om te onderhandel en te siin di besighede van Brown en Joubert ineen te smelt. Anni haar pa het haar di vorige aand bekend gemaak dat hy wil hé dat sy met Brown moet trou, wat haar grote smart veroorzaak daar sy hom haat inplaaas van lief het. Dit word fertel dat Mnr. Joubert so bitter teen di Afrikaner Bond gekant is. Di rede was dat hy deur middel fan di Bond in di Parlement wou kom, mar di Bond wou hom daar ni bring ni, omdat hy onbekwaam is. Brown fra Anni na 'n konsert.

Di Vrydag aand neem Brown fer Anni na di konsert, en toen hulle terugkom ferklar hy haar syn liefde, waarop sy hom rezuut sê dat dit moerte te fergeefs was. Toen Anni by di huis kom was di dokter daar, omdat haar ma skilik bang siik geworde het. Toen sy later na haar kamer toe gaan kry sy daar 'n briif van Bettie Retief, waarin sy an Anni bekend maak dat sy binnen 'n korten tyd gaan trou met 'n seker Smit van Johannesburg. Anni seek in di briif te fergeefs na iits van Dani—gen woord fan hom.

Dit word di lesers fertel hoe dat Mnr. Retief agteruit gegaan is deur fer andere te help. Betti Retief gaan trou met Mnr. Smit van Johannesburg, en gaan daar woon. Mnr. Joubert gaan fer 'n tydji, na di dood fan syn vrou, na Johannesburg, en neem fer Anni saam, Brown gaan oek saam. Anni ontmoet daar fer Bettie en Dani. Uit gesprekke ens, maak Anni op dat Dani ferloof is an 'n seker Miss Lissi Cameron, wat haar tot grote smart is. Dani fra fer Anni na 'n konsert.

Dani en Anni gaan na di konsert en onderweg sowel soontoe as terug blyk dit dat altwe verkeerde gedagtes had; Dani was ni ferloof an Lissi Cameron, en Anni was oek ni ferloof an Brown ni: Hulle was altwe inakaar getrou. Anni gé nou weer di roosknoppi an Dani en sê hom dat solank hy di roosknoppi bewaar, sy haar hart ni an 'n ander sal gé ni. Dani word by Mnr. Joubert besken-derd deur Brown en syn frinde. Mnr. Joubert wil hé Anni moet di ferloving afbreek, en daar sy dit ni wil doen ni, neem hy haar weer weg na P—en belet alle korrespondensi tussen haar en Dani.

Anni en haar pa is weer tuis te P—, dit is 6 maande na hulle van Johannesburg gekom het. Mnr. Joubert bring fer Anni 'n koerant waarin staan dat Dani gearresteed is op 'n beskuldiging dat hy 'n man angerand en so toetgetakel het dat hy an di wonde o'erlede is en oek dat hy al di geld van di man gesteel het. Omtrent 3 maande later kom Dani voor di Hoge Geregshof en word veroordeeld tot 3 jare harde arbyd. Brown, Blake en Wilson was di fernaamste getuige in di saak. Di uitwerking

daarvan was dat Anni siik word, en later hersenkoors kry, en so ernstig word dat di dokters alle hoop opgê.

## VII. FAN WOORDE TOT DADE.

**D**I leser befind sig nou weer in Johannesburg. Dit is teen di end fan December fan diselfde jaar waarin Dani feroordeeld werd tot 3 jare harde arbyd wegens aanranding en diifstal. Dit is di aand omtrent 9 uur, en di leser stap in gedagte in 'n kamer fan 'n hotel, waarin 2 frinde sit en praat. Hulle gesprek was as volg:—

“Kyk hiir John, wat is jou plan, of beter wat raai jy wat sal ons doen as William folstrek ni di geld wil gé ni?”

“Ek ferstaan ni wat jy meen ni, watter geld?”  
“Man moet dan ni fer jou onnosel hou ni! Di geld wat ons di anderkeer foor omtrent 4 jaar uit di maatschappy gekry het!”

“Harry, mar hoe moet ek di ding dan nou ferstaan? Jy was mos di kassir, en jy het mos fer my en fer William elk 'n bewys gegé fer £1,333 6s 8d. En nou sé jy hy het di geld?”

“Nou ja, mar jy weet mos, ten minste ek het mos di tyd fer jou geskrywe dat omstandighede met my so is, dat ek di geld ni kan hou ni, en William het mos toen gepresenteer dat hy di geld sal neem en ons bowenop nog rente sal betaal. Hy had dit nodig om syn besighyd te drywe.”

“Maar jy het nooit an my geskrywe ni! Ten minste ek het nooit 'n briif fan jou daaromtrent ontfang ni.”

“En jy het dan fer my uit di Kaap uit 'n briif gestuur daarop, dat jy folkome instem om di geld fer William te gé;”

“Mar man, jy het glo gedroom, ek weet daar niks fan ni. En dan, kan jy dan fer een ogenblik denk dat ek daarmé sal instem dat jy di geld fer William sal gé om syn besighyd te drywe?”

“Dit lyk byna of jy my tot 'n leuenaar wil maak. Wag ek het jou briif nog.”

“Ek sou dit graag wil siin!”

“Dit is daar in myn skryftafel. Wag ek sal dit uithaal.” Hy staan op en haal dit uit. John neem di briif, en nadat hy 'n bitji daarin gekyk het sé hy:

“Wel di saak is my ni heel duidelik ni. Het William geweet dat jy my di briif o'er di geld sal skrywe?”

“Geweet! Ek sou so denk. Hy het hiir by my gesit toen ek di briif an jou geskrywe het, en toen het hy dit saam geneem om in di pos te gooi, want hy moes tog by di pos ferby loop.”

“En Harry, moet jy jou fan William so laat beet neem? Kan jy ni siin dat di kastage antwoord fan my deur William geskrywe is ni?”

“Waarom kan jy dit siin?”

“Wel an syn handskrif. Kyk dan di letters dis mos syn skrif. Kyk di “g,” di “m” en di “r.””  
“Ja waarlik; ek het daarna nooit opgelet ni! Mar sou hy dan so gemeen gewees hê, om jou briif nooit af te stuur ni, en 'n fals antwoord daarop te skrywe! Mar dit kan ni wees ni, want ek onthou nog dat di Kaapse posmerk op di briif was.”

“En waarom kan hy dit ni in di Kaap gepos hê ni?”

“Omdat hy ni daar was ni.”

“Was hy in di tyd ni 'n slag fan Johannesburg af weg ni?”

“Ja mar hy was in Port Elizabeth.”

“Hoe weet jy dit?”

“Hy het dit fer my gesê.”

“Nou dan het hy jou 'n leun fertel en jy was gek genoeg om hom te glo, want ek het hom self in di Kaap ontmoet.”

“Regtig? En het hy toen ni met jou o'er di geld gepraat ni.”

“Né natuurlik ni, hy het mos goed geweet dat ek nooit myn toestemming sou gé ni.”

“Mar John, wil jy glo di fent is gemener as ons gedog het; dit lyk my nou bra of hy ons wil kul en of ons nooit weer 'n penni fan di geld sal siin ni?”

“Ek het mos al lank al fer jou gesê, dat ons ni langer met hom kan saam werk ni, want hy is 'n fagebond, inplaas fan 'n getrouwe frind. Mar wat het hy dan fan morre gesê toen jy met hom o'er di geld gepraat het.”

“Wel hy het net gesê dat hy di geld nou ni het ni, en oek ni gou sal hê ni, en dat ons dus mar 'n bitji geduld sal moet gebruik.”

“Ja en ons sal lank kan wag. Di geld sal ons nooit 'n penni fan siin ni, want weet jy wel dat di fent bankrot is?”

“Wat, bankrot?”

“Ja so bankrot as 'n man mar ooit kan kom.”

“Hoe is dit, en hy hou hom dan nog gedag so 'n danige ryk man. Hy het my gister nog fertel hoe 'n groot besighyd hy daar bo het, en hoe fluks dit aangaan!”

“Daar is juis di ding. In di een kant speku-leer en dobbel hy laat dit so bars en ferloor altyd deur, en anderkant hou hy 'n besighyd an met di onbekwaamste fent wat hy kan kry an di hoof. Di besighyd het an syn sak gefreet soos di kanker. Ek het hom al lank geraai om di besighyd op te gé, mar hy wou ni, want solank as hy di besighyd het, het hy altyd 'n kans gestaan om daarop geld op te neem. En di uitynde fan di stori is nou dat hy bankrot is.”

“En wat werd nou fan di ander geld wat ons met di laaste job saam ferdiin het? Dit was o'er di £1,000 en dit was oek in syn hande.”

“A, ons is di oek kwyt.”

“Né magtig, so kan dit ni gaan ni. Kyk ek sweer as hy ni myn geld gé ni, dan bringek alles, di laaste ding an di lig, laat dan oek mar net kom wat wil.”

“Haai, soetjiis man, jy gaan nou te fer. Jy moet daaran denk dat ons twe net so in di moeilikhyd sal kom soos hy.”

“Ja mar ferduiwels as hy ons dan so goddeloos kan inloop, dan sit ek net so liif saam met hom in di tronk, mar syn loon moet hy kry.”

“Jong wag, jy is nou al weer te haastig. Ek het 'n ander plan. Dit sal ni gaan om di dinge in di lig te bring ni. Mar ons kan hom bang maak ; ons kan hom dryg dat ons alles in di lig sal bring as hy ni ons geld gé ni ; altemit kan hy nog 'n plan maak om ons di geld te laat kry.”

“Ja dis waar jou plan is goed, mar kyk dan moet ons 2 makaar getrou help, anders word di plan oek weer ferydel.”

“Nou dis goed, daar, ek gé jou myn hand daarop ; ek sweer dat ek jou getrou sal hystaan.”

“En hiir is myn hand ; ek doen diselfde.”  
Di gesprek loop dus hiir op uit dat di 2 sweer om makaar deur dik en dun getrou te bly.

Hulle had nog, di een di hand fan di ander in syne, toen daar an di kamer deur geklop werd. “Kom binne,” roep Harry.

“Goei naand en wat maak julle 2 sondaars fer julle kwaadgeld ?” fra William toen hy inkom.

“*Ons ?* ons sit net o'er jou en praat,” was di antwoord fan John.

“En wat praat julle dan nogal fan my ?” fra William met 'n sluwe glimlaggi terwyl hy gaan sit. Een oogopslag was egter fer hom genoeg om te siin dat hy syn luimighyd en opperuidhyd mar gerus kon laat faar, want di ander twé was altwé dood ernstig. Syn konsensi knaag, syn gewete beskuldig hom, en hy siin gou dat hy harde teenstand sal kry fanaand. Hy besluit dus dadelik om hom ni somar met 'n blaas ertiis op di loop te laat ja ni, en des noods hom met geweld te sardedig. John wou nog fer Harry afknik want hy siin dat Harry bloedrooi worde fan kwaadhyd, en hy weet, as Harry eers kwaad is, dan sé hy net wat foorkom, mar dit was reeds telaar, Harry bars los :—

“Jy was ons ontrou ; jy het ons misly deur false handtekening ; jy het ons geld deurgebrenge eers £4,000, en nou weer o'er di £1,000 ; jy is te frot om ons geld terug te gé want jy is bankrot, en nou fra jy nog wat ons fan jou praat !”

“Mar man wil jy glo jy maak 'n man kwaad,” sé William, di sig wil koel hou mar tog oek ordentlik warm werd. “Jy beskuldig my fan 1) ontrouhyd ; 2) mislyding ; 3) false handtekening ; en 4) fan bankrotskap. Nou fra ek jou om di beskuldigings te bewys, as jy kan, en dan sal ek di teeno'ergestelde bewys. Mar ek sé fer jou een ding : ek sal my ni nog 'n maal so fals fan

jou laat beskuldig ni ; jy moet dus weet wat jy doen.”

“Jy was ontrou, deur dat jy ons, jou frinde, misly het met false handtekening ; en—”

“Wag 'n butji ; kan jy bewys dat ek false handtekening gepleeg het ?”

“Wel seker, hiir di briif wat jy geskrywe het in naam fan John is false handtekening ; ja meer as dit, dit is.—”

Hiir werd hy weer in di rede gefal deur William, di siin dat hy werkelik fas was. Hy perbeer dus of hy di ding ni met mooi woorde kon sus ni. Hy sé dat hulle altwe goed weet dat gen een fan hulle di geld kon hou ni, en daar hy beter met di gefaar bekend was, as hulle twé, en befrees was dat John in syn salige onkundé ni syn toestemming sou gé dat hy (William) di geld kon gebruik ni, daarom had hy di false briif geskrywe. Dog al syn mooi woorde had slegs ten gefolge dat di gemoedere steeds warmder werd, en hulle praat hoe langer hoe harder, en William sé kort kort : “kêrels julle moeni so hard praat ni julle kan in moeilikhyd kom.” Hy had egter 'n ferkeerde woord gebruik, want inplaas fan “julle” moes hy gesé hê “ek.” Di waarhyd tog was, dat dit di dag bekend geworde het dat hy bankrot is, met 'n ferskrikkelike tekort. Hy het 'n menigte mense ingelooep en skrikkelik in di nek gekyk. Di wereld begin toen fer hom te nou te worde daar, en hy was fan plan om di anderdag morre froeg te laat skeur. Di doel fan syn o'erkoms na syn twé frinde was net om fer hulle te kom fertel dat hy op dringende besighyd fer 'n paar weke na di Kaap gaan en hy kom dus fer hulle groot, want syn mening was om te sorre dat hy nooit weer in Johannesburg kom ni. Hy was egter groot ferras toen hy siin dat al syn sake haar fyn an syn twé boesem frinde bekend was, en dit word hom nou duidelik dat hy fannaand ferplig was om so goed of kwaadas dit dan kan, fergoed met di twé te breek. Mar al staan hy op di punt om alles af te gooi en te flug, tog kon hy dit ni reg kry ni dat hulle hom so openlik beskuldig het en dus fra hy, toen hy siin dat al syn soet woorde niks help ni, op barse toon an Harry :—

“En waar kom jy daaran dat ek bankrot is ?”

“Dit het John my netnou fertel.”

“En waar kom jy daaran !” fra hy fer John.

“Wel dis myn saak, waar ek daaran kom ; mar as jy dit dan wil ontken, bewys dan di teendeel met di daad, en betaal di geld wat jy ons skuld.”

“Ja,” sé Harry, “hiir is nou fer jou 'n mooi kans, bewys nou dat jy ni bankrot is ni.”

“Dit sal ek ni doen ni,” was di norse antwoord wat hy gé, terwyl hy opstaan, en an di fonkel fan syn oge nes di fan 'n slang kon 'n mens siin dat hy so kwaad was dat syn gal kon bars.

“Sé liwer jy kan dit ni doen ni,” sé John, “mar ek het nog 'n ander plan, jy kan ons 'n

bond gé op jou besighyd of 'n bewys fer di geld."

"Dit sal ek oek ni doen ni," fal ewe boos fan di lippe fan William.

Harry kon syn woede oek ni langer bedwing ni en spring toen oek op. John siin dat di ding nooit sou gaan ni en wou nog fer Harry keer, mar hy kry dadelik gedagte dat hy gesweer het dat hy Harry trou sou bystaan; hy kon hom dus ni keer ni, want dan sou hy fytelik syn eed breek. En oek kom di gedagte by hom op dat terwyl hulle nou tog sofer was dit mar beter was om di storm te laat o'erwaai en 'n end te maak an di streke en kullery fan William. Had hy egter geweet water gedagtes op di ogenblik di hoof fan William fervul; wat William op di punt staan om te doen, dan sou hy syn eed gebreek, en fer Harry gekeer hê. Mar wi kan di hart fan 'n ander lees! Hy spring dus oek op en wou di woord neem mar Harry was hom foor met:—

"En wat is jou plan nou; hoe gaan jy maak?"

"Dit traak jou ni," sê William kort af.

"Nou kyk," sê Harry, "daar is net een foorwaarde: betaal ons deel fan di £4,000, en di deel fan di laaste £1,000, of so ni, dan gaan ons nou alles an di lig breng!"

"Stem jy saam met Harry," fra William an John.

"Ja" was syn antwoord.

"Nou," sê William, "ek het oek 'n foorwaarde: belooft julle altwe om julle bekke te hou, of so ni, dan sal ek julle bekke fer altyd sluit."

"Jy, so 'n skurk soos jy, wil jy fer ons di swyge oplê?" fra John, wat dadelik so kwaad werd as 'n bul wat 'n roof lap gesiin het.

"Ja, ek sal julle bekke sluit."

"Ons mag stilbly as jy eers in di tronk, di regte plek fer so 'n skuk soos jy, sit, mar fôor di tyd ni," was weer di antwoord fan Harry.

"Gaan julle stilbly?" fra William nogmaals, "as julle dit ni frywillig wil doen ni, dan sal ek dit fer julle laat doen."

"Gaan jy ons geld gé," fra Harry.

"Né, julle kan nou siin waar julle di geld kry" was di antwoord fan William.

"Nou dan sê ons oek né; ons gaan alles bekend maak en sal sorre dat jy jou ferdiinde loon kry al moet ons dan saam ly," werd op besliste toon geantwoord deur Harry.

"Nou fer di laaste maal, en fer goed," sê William, "sal julle stil bly?"

"En fer di laaste maal sê ons, né, en nogmaals né," fal op ewe besliste toon fan di lippe fan John.

"Dan sal ek julle maak stilbly," en eer hulle nog kon siin wat William gaan doen, werd twé pistoolskote gehoor,—en John en Harry lê in hulle bloed op di grond. Dit was ni di eerste maal dat William met 'n pistool skiiit ni, en hy het di slag dan oek goed gemik.

Net soos hy di twe plat geskiit het druk hy di pistool weer in syn sak, ruk di deur ope en wou uitflug, mar ongelukkig fer hom hardloop hy fas in di hande fan di hotel-baas. Hy wou syn pistool uit haal om noegen plat te trek, dog eer hy dit kon doen was by geboei deur twé polisi dinare wat saam met di hotelbaas gekom het toen hulle di lawaai in di kamer gehoor het. Hulle twé was al di heel aand agter hom an om hom te fang, mar kon ni uitfinde waar hy was ni. Toen hy fylig geboei was gaan hulle eers kyk wat in di kamer gebeurde was, ten ynde daaromtrent getuigenis af te lê. Di dokter werd in alleryl gehaal, en di twé polisi dinare marseer met William na di tronk. Alle hoop was nou fer hom ferlore, mar hy had tog een troos, namelijk, dat hy fer di twé fer altyd di swyge opgelê het sodat hulle nou niks in di lig kon breng ni. Hy sal wel beskuldig worde fan moord, mar hy het al reeds 'n plan: hy sou sê dat di twé stry gekry het en toen makkaar geskiit het, en dat hy toen uitgehardloop het om mense te gaan roep, of hy sal sê dat hulle hom angefal het, en dat hy hulle in selfsferdediging plat geskiit het; hy sal nog daaro'er denk.

Laat di leser nou di goedhyd hê om saam te stap na di tronk om daar imand anders te gaan kyk, 'n ou bekende, namelijk Dani Retief.

Di maan skyn helder daar buite en gooi 'n straaltji deur di soort fan 'n fenster in di sêl of hok, waar Dani in sit. Wanneer di oog eers enigsins an di donker gewend is kan 'n mens syn gestalte beter beken. Was dit diselfde persoon wat foor omtrent 'n jaar fer 3 jaar feroordeeld werd? As dit so is—en dit is so—dan was daar gen frees dat by di end fan syn straffyd salsiun ni; want hy was nou 'n lewendige lyk, syn wange, eenmaal fol en met 'n pragtige bos op, was ingefal en ferdwene, syn oge sit agter in syn kop, en di fuur, so ygenaardig daaran, was oek grooteliks ferlore. By di maanlig—hoe flou di dan oek al was—kon 'n mens tog siin dat daar 'n traan in syn oog glinster, en o'er syn wang rol. Freemd ni waar ni? dat 'n traan o'er di wang fan 'n jonkman kan rol! Mar 'n jonkman kan oek huil, te meer as dit een is met 'n fyn gefoel en 'n edel karter, di gebuk gaan onder sulke sware laste. Ja di gedagtes wat in di stille aanduur syn hoof ferful was waarlik ni aangename gedagtes ni. Daar sit hy, as 'n misdadiger, en tog hou hy fol dat daar gen een so flekkeloos, so onskuldig was soos hy ni. Mar hoewel dit so waar mog wees as dat 2 maal 2, 4 is, di wereld glo dit ni; intendeel, di wereld glo net di teeno'ergestelde; di wereld glo fas en seker dat hy skuldig is. Daar sit hy nou, di hoop en trots fan syn pa en betrekkinge, mar inplaaas fan syn pa te steun en te help, was hy nou ni in staat om hom self te help ni, wat wil nog sê syn pa; ja hy was nou tot skande fan syns faders huis.



Daar sit hy nou, hy wat voor 'n jaar nog di hoop, di lus, di trots was, fan een fan di edelste en beminlikste dogters fan Suid Afrika, nou het hy haar agting, haar liefde ferbeur! Sou hy haar ooit weer siin? Né, by di tyd son sy wel met Brown getrouwd wees. Ag, hoe was al syn hoop, al syn verwagtings as 'n mis-damp voor di son-fergaan! Maar hy sou trag om geduldig syn lot te dra wetende dat daar Eén is wat di skuldige ni onskuldig hou ni. Hy sou trag—so hy syn straflyd nog o'erlewe,—om syn ferlore reputasi te herwin, en al moes hy dan eensaam deur di wereld gaan—want syn eed an Anni sou hy getrou hou; gen ander sou ooit haar plek in syn hart inneem ni—hy syn dood 'n ryn gewete, 'n konsensi te hê wat hom ni knaag ni. En met 'n sware sug gooi hy hom agter o'er op syn harde kooi neer. Sou hy geslaap hê?

Om di loop fan di geskiedenis mooi te volg is ons ferplig haastig fan di een plek na di ander te gaan, en daarom is dit dat di leser hom nou weer an Somerset Wes strand befind.

Di December son skyn heerlik en op di strand is dit heerlik stil. 'n Groot aantal mense staan op di strand en kyk hoe di skuite inkom, almal siin daar lewenslustig, frolik en opgeruimd uit, mar tog loop daar 2 mysiis langsaam arm in arm op di strand. Hulle was skynbaar in diip gesprek gewikkeld en neem ogenskynlik gen notisi van di skuite en di mense ni. In teenstelling met di ander mense lyk hulle gen een so lewenslustig of opgeruimd ni. Di een fooral was bleek, inager, en di grote heldere blouwe oge ferraai sware doorgestane en nog drukkende smarte.

“Hoelank is jou plan om hiir by di strand te bly?” fra di een.

“Pa wil hê ek moet bly tot ek weer folkome hersteld en gesond is,” was di antwoord, “mar dis gekhyd om daaran te denk; ek sal ni weer worde wat ek gewees is ni?”

“Waarom ni?”

“Ag oukind, ek het tefeul wat my terneer druk; as di gees ly, moet di ligaam oek ly.

“Mar watter moelikhede het jy dan sodanig?”

“Ek denk dis beter dat ons daaro'er ni praat ni, want dit sal èn fer jou èn fer my mar smartelik wees.”

“Ek kan ni met jou saam stern ni. Daar is 'n spreekwoord wat sê: Gedeelde freugde is dubbele freugde, en gedeelde smart is halwe smart. Molik kan dit jou help as ek met jou dra. Mag ek raai wat jou op di hart druk?”

“Seker,”

“Dit is iits met betrekking tot myn arm broer, Dani!”

“Hoekom sê jy dit?”

“Omdat ek al jou smarte daaromtrent ken en mar al te goed weet wat jy al o'er hom moes ly?”

“Mar hoe weet jy dit alles?”

“Wel, Bettie het my alles fertel.”

“Waar het jy fer Bettie gesiin?”

“By di huis. Sy is nou hiir bo by ons om te kuier.”

“Regtig! Ag ek wees dat ek haar kan siin!”

“Nou kom, gaan o'ermorre met my saam, ek gaan dan huistoe, want ek moet dan huistoe gaan.”

“Ongelukkig mag ek ni, hoe graag ek dit oek al wil doen.”

“Waarom mag jy ni?”

“Om myn pa my dit ferbode het.” “O, non stin ek, jou pa wil ni eens hê dat jy by di familie fan Dani mag kom ni? Nou dis niks. Ek sal fer Bettie skrywe dan kan sy fer jou hiir kom kyk. Mar om nou weer terug te kom tot Dani. Wat denk jy fan di affêre?”

Ons wil di 2 ni ferder afuister ni; laat hulle mar openhartig en fertrouwelik met makkaar praat. Daar is ander dinge wat di vandag fan di leser fra. Dit sal haas ni nodig wees om te sê wi di 2 mysiis is ni, di leser sal wel al geraai hê dat hulle nimand anders as Anni Joubert en Maria Retief is ni. Mar hoe kom di twe nou by makkaar? Wel dit is di leser nog fars in di geheuge hoe ons Anni fer di laaste maal gesiin het op di randje fan di graf. Sy was egter weer hersteld, howe alle menselike ferwagting, mar haar kragte fan foorheen kon sy mar ni weer terug kry ni. En was dit dan oek wonder, dat di ligaam ni kon gesond worde ni, di siil ly immers swaar. In haar jongmysiis dag-drome siin sy deurentyd fer Dani met graaf en pik, in bandiit klere saam met 'n spul kwaadoeners harde arbyd ferrig; en in haar nag-drome siin sy hom steeds gehoei in di tronk sit met trane in syn oge; en dan was dit altyd of sy hom hoor sê: ‘Anni ek is onskuldig!’ En dit was oek haar faste o'ertuiging; sy sou nooit glo dat hy skuldig was ni.

Haar pa het nooit weer di laaste gesprek fan hulle herfat ni, en sy het natuurlik gen lus gehad om daartoe anlyding te gé ni. Mar tog brand sy fan begeerte om te weet hoe hy nou gesind was.

Anni was by nuwejaar sofer gesond dat di dokters aangeraai het dat sy moet uitgaan fer ferandereers van lug; en haar pa het dan oek gen onkoste ontsiin om haar te laat rond kuier ni, mar dit was alles te fergeefs. Di dokters raai naderhand dat sy naar Transfaal moet gaan, mar daar wou haar pa ni an ni, want hy was bang dat sy molik iits sal hoor of sijn wat di ou liefde weer sou opwek. Toen raai di dokters dat sy dan na di strand moet gaan, en daarin het haar pa toegestem. En so is dit dat ons haar nou by di strand ontmoet.

Maria het an Bettie geskrywe en sy het o'ergekom na, di strand, en di frindinne het weer hulle hart opgehaal met makkaar en Bettie het Anni selfs sofer gekry dat sy 'n paar maal hartelik gelag het soos in di dage fan ouds, iits wat sy in di laaste jaar nooit gedoen het ni.

Bisonder aangenaam was dit oek fer Anni om te hoor dat dit met Mr. Retief weer so fluks gaan. Hy het, di wyn en brandewyn fan syn laaste oes duur ferkoop. Dan het hy 'n paar baing gelukige spekulasiis gemaak en ten laaste het hy oek 'n heelboel goudaandele, deur toedoen fan Dani eer hy gefange geneem was, met 'n heel party wins fan di hand geset.

Anni het egter gouwer na huis gegaan as haar plan was.

Di rede was dat sy in di strand tyding gekry het dat haar pa siik is, en toen het sy somar dadelik laat fat huistoe. Toen sy tuiskom was haar pa weer beter, want dit was mar 'n ligte aanfal fan di influensa.

"Anni, mar hoekom is jy so bedruk en neerslagtig? Jy moet jou 'n bitji opbeur, en basta fer jou so oud hou. Wat makeer jy?" Dit sê Mr. Joubert op buitengewoon grappige manier eendag kort na hy weer fan syn siikte ogestaan het. Hy was so anders en frindelik dat Anni somar dadelik 'n bitji opgeruimd was en oek moed kry om met hom weer openhartig te praat.

"Ja pa ek wil my graag jonk hou, mar ek weet self ni hoe dit met my is ni." Dit sê sy met 'n glimlag, en dit was fer haar pa werkelijk 'n aangename ferrassing om haar weer te siin lag.

"Né, mar jy kan ni so sê ni, jy moet weet. Mar as jy dit ni weet ni dan sal ek dit sê."

"Nou toe pa, laat ek hoor?"

"Dit is di saak waar ons laaste o'er gepraat het en waar o'er ons nooit tot 'n punt gekom het ni?" Hy bly 'n rukki stil om te siin of sy sal antwoord gë, mar toen sy ferlege stil bly, sê hy ferder:

"Nou toe, het ek reg geraai?"

"Ja pa," sê sy.

"En nou het jy lank tyd gehad om o'er di saak te denk, wat sê jy nou, is jy nou besluit om met Brown te trou?"

"Né pa, ek kan dit ni help ni, mar ek kan en sal nooit besluit om met hom te trou ni."

"Waarom ni, hou jy tog ni nog fas an Retief ni."

"Ja pa, ek sal opealik beken, ek kan hom ni fergeet ni; ek kan hom ni opgë ni. Ag pa, moet tog ni, fer my kwaad word ni, mar ek kan dit ni help ni. Dan oek, ek haat Brown; ek is bang fer hom; ek denk lat hy 'n skurk is."

"Myn lifste dogter, ek is bly om te siin dat jy nog fas staan. Ek het jou te hard behandel; ek moet jou om fergiffenis fra. Fan dag het ek werkelijk goeie nuws fer jou. Al wil jy nou oek al met Brown trou dan sal ek dit nooit toelaat ni. Ek het in di laaste tyd baing agterdog teen di man gekry, want ek het baing slegte dinge fan hom gehoor. En nou fan morre staan syn winkel toe, daar is beslag op syn goed gelé, want hy is insolvent. Oek hoor ek dat hy 'n heelparty mense om di bos geloop het en dat hulle nou op syn

spoor is om hom te fang. Jy sal nooit weer fan myn kant iits fan hom hoor ni. Di pak is nou fan jou hart; jy moet nou perbeer om weer frolik en oppertuimd te wees soos froeger. En jy moet my mar fergewe dat ek jou so hard behandel het terwille fan di kërli."

"Daar is niks te fergewe ni, want pa het gehandel soos pa dit fer my di beste gedag het," mar tog fal sy om syn nek,—'n fryhyd wat sy so lank ni durf geneem het ni—en 'n hartelike kus was di bewys dat alles uit di weg geruim was. Doodae stilte heers. Altwé foel dat hulle nog ni uitgepraat is ni, mar gen een had lus om di twede punt an te roer ni. Mr. Joubert siin egter dat dit syn plig was as fader, om weer eerste te begin en sê dus:

"Mar nou is daar nog iits wat jou hinder, en dit is Retief. Mar kyk myn kind, jy moet nou ni kinderagtig wees ni; jy moet hom nou opgë. Want al kom hy nou eendag uit di tronk uit, dan kan jy tog nooit begeer dat ek myn toestemming moet gé dat jy met hom kan trou ni. Dit is myn plig as fader om te doen wat ek kan om jou in goeie hande toefertrou te siin eer ek sterf, en hy, wat syn loopbaan so begin, dat hy reeds op so jonge leeftyd in di tronk is, kan tog waarlik di man fer jou ni wees ni."

"Ek wil so graag fer pa iits fra, mar ek is bang—"

"Bang, waarom?"

"Ek is bang pa sal weer fer 'n jaarlank ni met my praat ni, soos pa nou met my gemaak het. En dis tog alte swaar. Sal pa ni fer my kwaad worde ni?"

"Né myn kind, ek het daar genoeg spyt fan dat ek jou al di tyd so hard behandel het; so iits sal ni weer gebeur ni. Fra mar wat jy wil; niks is my so aangenaam as om te hoor, dat jy met my kinderlik, opreg en openhartig praat ni."

"Nou dan wil ek graag weet waarom dat pa ynlik so teen Retief is?"

"Mar ek denk jy weet dit goed genoeg. As jy dit egter uit myn mond wil hoor dan sal ek jou dit fertel. In di eerste plaas is ek teen hom omdat hy ni uit so 'n respektabele famili is ni, soos Wilson my, en ek weer an jou fertel het, en in di twede plaas, omdat hy, nog 'n jongman wat nou mar pas di wereld begin in te gaan, reeds beskuldig en feroordeeld werd fer 2 sulke growe misdade."

"Pa, mar as dit nou later blyk dat Wilson fer pa 'n boel leuns fertel het, en as dit blyk dat hy onskuldig in di tronk geset werd, wat sal pa dan sê?"

"Wel as dit so is, dan sal ek nog kyk wat ek sal sê, mar dit sal ni so wees soos jy so graag wil hê ni."

Di diinsmyd kom hiir in di eetkamer en sê dat in di sit kamer imand is wat fer Mnr. Joubert wil siin, en dus praat hulle ni ferder ni.

Toen haar pa weg was, en sy di ferskering gekry het dat sy fergeod fan Brown ontslaan was foel sy somar glad 'n ander mens. Sy was somar weer oppernuimd en frolik.

Sy loop toen na haar kamer en stort daar haar ganse siil uit. Ja in di kamer waar so menige traan fan bittere smart en droefhyd gefloei het, floei nou weer trane, mar nu was dit freugde trane.

## Di tweede Afrikaanse Taalkongres

IS an di Pêrl gehou op 27 en 28 Jannewari. Ons gé weer di portret fan di lede met di Stadshuis. Reeds daaruit kan ons lesers siin dat daar ruim twe keer sofeul ferteenwoordigers was as ferlede jaar. *Ons Klyntji* het gen ruimte om 'n ferslag fan di ferrigtinge te gé ni. Dit is gedruk in di *Dagblad* en *Patriot* en apart tē kry in 'n boeki, same met 'n ferslag fan di Godsdienstige Samekomste an ons kantoor. Mar ons gé daarom di besluite wat geneem is op di besprekings punte.

1. Di eerste punt was: *di ferhouding fan Afrikaans, Hollans en Engels in Suid Afrika*. Daarop is di follende besluit eenparig geneem:—

“Angesiin Hollans di offisi'ele taal is van di Frystaat en Transfaal en oek erken is as sodanig same met Engels in di Kaapkoloni, en oek nog geag word di Kerktaal te wees, so erken di Afrikaanse Taalkongres met waardering alle pogings wat angewen word tot behoud en bruikbaarmaking fan di Hollandse taal in Suid Afrika;

“Angesiin Engels di offisi'ele taal is fan di Kaapkoloni en Natal, en 'n grote deel fan ons landsbevolking, feral di handelsbevolking, di Engelse taal gebruik, so erken di Kongres di wenselikhed dat di Engelse taal oek geleer worde waar di omstandighede dit toelaat;

“Mar angesiin Afrikaans di moedertaal is fan di o'ergrote meerderhyd fan ons befolking, so blyf di Kongres by di beginsel neergeleg by di forige Kongres dat Afrikaans behoer erken en beoefen te worde as skryftaal, en selfs as offisi'ele taal, op staatkundige sowel as maatskappelijke gebied, insonderhyd op di skole.”

2. Op di tweede punt: “*Grive en klagtes o'er onreg ons Taal angedoen*” werd di follende foorstel eenparig angeneem:

“Di Kongres benoem 'n Kommissi fan 5 lede met mag fan toefoeging, an wi alle grive en klagtes o'er onreg ons taal angedoen kan ingestuur worde, met opdrag om dit an di behoerlike outorityte foor te dra, ten ynde dit ferhelp te kry, en an di follende Kongres ferslag te doen.”

Fer di Kommissi fan Taalgrive is benoem fer di Koloni: Dr. S. J. du Toit, Dr. Hoffman en Mnr. C. W. H. Köhler; fer di Frystaat Mnr. P. D. C. Gräbe en fer Transvaal Mnr. Jac. G. Gräbe.

3. Di derde punt was “*Ons Afrikaanse Taalkunde, Woordeboek en Bybelfertaling*.” Al 3 word apart bespreek. Di “*Fergelykende Taalkunde*

fan Afrikaans en Engels” word foorgeleg, net afgedruk, so oek 'n proef fan di “*Woordeboek, Afrikaans en Engels*,” en daarby word oek nog foorgeleg 'n “*Afrikaanse Spel en Leesboek deur Oom Willem*.” Daarop werd di follende foorstel eenparig angeneem:

“Dat di fergadering di Kommissi hartelik dank fer wat hulle reeds gedoen het en hoop dat hulle so sal voortgaan.”

Op di punt fan Bybelfertaling werd fernamelik bespreek: of net di fertaling self moet gemaak en uitgegé worde, dan of daar antekenings by moet wees. Di Kongres was eenparig, dat daar antekenings by moet wees soos Génesis en Mattéus.

4. “*Ons Klyntji, syn eerste en syn tweede jaar*.” Di bespreking het fernamelik geloop o'er di follende fraagpunte:

a) Doen *Ons Klyntji* reg om gen politiek en godsdiins op te neem ni?—Eenparige antwoord: *Ja*.

b) Doen *Ons Klyntji* reg met romantise ferhale op te neem, soos “di Koningin fan Skeba” en “di Roosknoppi”?—Eenparige antwoord: *Ja*.

c) Moet *Ons Klyntji* ferder netso uitgegé worde as in di eerste jaar: of moet hy groter gemaak worde; of moet hy twekeer in di maand uitkom?—Almal wou hom graag twekeer in di maand of groter hē, mar omdat hy dan natuurlik oek meer sal kos en hulle frees dat dit dalk kan nadelig wees fer syn uitbryding fan getal intekenaars, daarom werd di follende besluit geneem:

“Di ferg, ag dit wenselik dat “O K.” fergroot worde of twemaal in di maand uitkom, mar nit frees dat sodanige uitbryding straks di voortgang fan di tydskrif kan benadeel, laat di fergadering dit an di uitgewers o'er.”

Gedurende di sitting was daar weer 'n “*Gesellige Aand*” en een aand is di eerste Afrikaanse Toneelstuk opgefoer: “*Magrita Prinslo, of Liifde getrou tot in di Dood*.” Dis 'n historise treurspel uit di tyd fan di Trek. Di stadsaal was stampend fol en di stuk het 'n dipe indruk gemaak.

An di slot is besluit om follende jaar di Kongres weer an di Pêrd te hē. Ons gé an di slot di proef fan di *Woordeboek* wat nou gemaak worde.”

## Aa.

*Aap*, sn. ape monkey.

*Aap-broeki*, sn. boys breeches.

*Aap-stêrt*, sn. sjambok.

*Aand*, sn. evening.

*Aand-bloemmetji*, sn. evening-flower.

*Aans*, bw. just now.

*Aanti*, sn. E Aunt.

*Aalmoes*, sn. alms.

*Aar*, sn. vein, ear of corn.

*Aar-bossie*, sn. a shrub.

*Aard*, w. to thrive, to take after.

*Aard*, sn. nature, disposition.

*Aarde*, sn. earth.

*Aardappel*, sn. potato.

Aarby, sn. strawberry.  
 Aardbewing, sn. earthquake.  
 Aardbodem, sn. earth.  
 Aardbol, sn. globe.  
 Aardig, bn. queer, nasty, strange.  
 Aardigheid, sn. curiosity, pleasantry.  
 Aardkors, sn. crust of the earth.  
 Aardkunde, sn. geology.  
 Aardkundige, bn. geologist.  
 Ens, ens.

## Ab.

A-b-c, sn. alphabet.  
 A-b-c-boek, sn. primer.  
 Abba, w. to carry on one's back.  
 Abolkata (Adolkata), sn. a game.  
 Abriksa-boom, sn. a tree.  
 Absolusi, sn. absolution.  
 Absoluut, bw. absolutely.  
 Abstrak, bn. abstracted.  
 Abuis, sn. mistake, error.  
 sn =selfstandige naamwoord ; bw =bywoord ; w==werk-  
 woord ; bn =byvoeg like naamwoord.

## Neef Gerri.

Neef Gerri was 'n jonge man,  
 En grappig oek daarby,  
 So opgeruimd as wese kan,  
 Fan pret wou hy ni sky.

Daar is geen "party" of "konsert,"  
 Of Gerri is oek daar ;  
 Dan is hy altoes oek fol pret,  
 Dit is tog seker waar.

Neef Gerri was oek glad ni dom,  
 Mar haastig met syn bek ;  
 As hy begin staan jy ferstom,  
 Met oge oop gerek.

Dit was fernit om te perbeer,  
 Om Gerri fas te praat,  
 Syn pratjuis sal jou net nou keer,  
 Dan lag hy dat dit baat.

Eendag sou daar 'n dans weer wees,  
 Op Isak Smeer se plaas ;  
 Neef Gert met 'n opgeruimde gees,  
 Gaan oek met spoed en haas.

Toen hy daar kom wou hulle juis  
 Met éte oek begin ;  
 Ou Isak heet Gert "Welkom Thuis,"  
 Gert was mos daar bemin.

Hul het skaars met di maal begin,  
 Of Gerri kyk hul deur,  
 Hy soek 'n nôit toen na syn sin,  
 Ja ! daar is Bet Verskuur.

Mar foor ek nou sal ferdér gaan,  
 Wil ek eers op iits wys,  
 Di predikant het oek ferstaan,  
 Omtrent di grote fees.

So het "mencer" 'n plan gemaak,  
 Om oek daarheen te gaan ;  
 Hy wil oek kyk hoe dat dit smaak  
 Om na 'n dans te gaan.

Toen hulle klaar hawl om te eet,  
 Was Gert al op synn stuk,  
 Hy sing en dans dat hy so sweet,  
 En speul di koddeljut.

Mar hy was nog ni daarmé uit,  
 Toen gly syn foete weg ;  
 Fal met syn neus in 'n stuk ruit,  
 En foel toen banja sleg.

Dit was ni al, syn broek 't geskeur ;  
 Di mense skré ; "dis raak !"  
 Hy was toen erg uit synn humeur,  
 En skel dat dit so kraak.

Di predikant het juis gekom,  
 Met syn manél so kloek ;  
 Mar hy staan mos toen half ferstom  
 Om Gert so te hoor floek.

Di leeraar gaan toen na hom léen,  
 Om hom te laat bedaar,  
 "Ag soe !" roep Gert, "hoe seer's myn been,  
 Myn tyd ! ek foel net naar."

"Foei ! Gert," so sê di leeraar weer,  
 "Dis tyd om op te hou,  
 Bedaar tog met jou floek en sweer,  
 So het 'k jou ni beskou."

Mar Gerri blyf in synn humeur  
 "Ag loop !" roep hy mar uit ;  
 "Myn neus 's gesny, myn boek 's geskeur,  
 Wi kan geduld gebruik ?"

Di predikant di draai toen om,  
 En ry terug na huis.  
 Mar Gert roep na "jou lége kom,"  
 En skud hom nog synn fuis.

Neef Gerri het toen opgestaan,  
 En opgehou met floek,  
 En dans toen nog di nag oek saam  
 Met 'n geleende broek.

STEPHANUS A. DU TOIT.

Cloetes Pan, Strydenburg.

## Di arme onnosele Saggi.

*Deur S. du Toit.—Gedenkskool.*

**D**IT was in di jaar 1862 toen di sware droogte so heersende was in di Koloni. Di boere trek rond met hulle fé om fé-wy en water te soek. So was dit oek met 'n sekere famili met di naam van Venter, en hulle was goedig fan aard.

Piet Venter was 'n man wat baing fé gehad het, en so het dit oek mar met hom hot agter gegaan. Hy had 5 kinders, en di oudste seun syn naam was Saggi en omtrent 9 jaar oud. Mar di arme kereltji was half onnosel: dus spreek dit fan self dat syn pa hom ni baing kon gebruik ni. Maar misschien het dit met hom so gegaan, soos met baing ander kinders, hulle dra di naam fan onnosel, mar is dit tog in werkelikhed ni.

Saggi het 'n sagte geardhyd gehad, en as jy met hom praat dan is dit fan syn kant mar net "ja" of "né." Onder dit alles was hy gehoorsaam, geduldig en ferdraagsaam; daarom was dit ni 'n wonder dat hy syn moeder haar diirbaarste kind was ni. Syn ander broertjiisen sussiis was hiirmé ni heeltemaal tefrede ni, en daarom het hulle hom dit 'n bitji beny. Partykeer skel hulle hom uiter "jon onnosel," of "jou domme papegaai." Mar tog onder dit alles was hy geduldig.

Een aand slaap hulle in 'n feld by 'n klyne pannetji water. Di osse was moeg en afgemat, want hulle was fan di morre froeg af in di juk. Nadat di osse uitgespan en di pèrde gespan was, gaan hulle almal langs di wa sit. Saggi sit na gewoonte daar alleen by di wa syn agterwiil, met syn mes in di een hand, en 'n stukki biltong in di ander. Toen hy daar 'n rukki gesit en eet het, roep syn pa fer hom naderhand en sê: "Saggi, myn kind, jy weet ons is mar 'n uur te pèrd fan di dorpi D. af. Nou, ek wil hê jy moet morre froeg daarheen gaan, om fer my 'n potji greas te gaan haal, want ek het fanaand gehoor dat di wa syn wile begin se skré, en ons het ni meer greas ni. Jy kan fer ou Kolbooi fat, sodat jy weer gou terug kan kom."

"Ja, en bring somar fer my 'n pakki spelde oek saam," sê syn ma uit di wa syn tent. Saggi was dan oek dadelik gewillig om te gaan. Nadat hulle ge'eet en huisgodsdien gehou het, gaan di famili slaap.

Di ander dag morrè toen di sou op kom, toen staan ou Kolbooi oek opgesaal foor di wa. Toen Saggi opklim sê syn ma fer hom: "Myn kind, jy moet tog ni ongeluk maak ni, en moet oek ni di spelde fergeet ni, want ek het dit baing nodig."

Op di gesegde ry Saggi toen weg. Dit was omtrent brekfis tyd toen hy di dorpi D. ingery kom. Hy ry na 'n huisgesin toe wat hy ken en saal daar af. Toen Kolbooi foer gekry het, stap

Saggi hirop winkel toe, om nou di nodighede e gaan koop. Onderweg ontmoet hy twé manne wat hom anroep. Toen hy by hulle kom fra een fan hulle fer hom: "Hoe is jou naam, en waar kom jy fan daan?" Saggi fertel hulle alles wat hulle wil weet, en oek dat hy nog twé broers en twé susters het, en oek dat hulle hom uitskel fer onnosel.

"Is jy dan regtig onnosel?" fra di man fer hom.—"Ek weet ni," was syn antwoord. "Nou ja," sê di man, "kom, Saggi, het jy lus fer lekkers?" "Ja, ja," sê di kind, en syn mond begin te water toen hy fan lekkers hoor.

Di man steek syn hand in syn sak en haal 'n splinter nuwe stuiwer uit, gé dit an Saggi en se: "Hiir is nou 'n pond; loop, haal fer ons tiin silings se lekkers en breng di o'erige geld terug. Mar sorg dat jy ferskillende soorte fan lekkers breng." Hy stuur fer arme Saggie toen na 'n Duitser wat freeselik kort gebonde was.

Toen di kereltji daar kom fra hy di man om tiin silings lekkers. "Fer 10s.?" fra di Duitser ferbaas.—"Ja," se Saggi. Di man haal daar 'n groot blik lekkers af, weeg fer tiin silings, en gé dit an hom. "Né," se Saggi, "ek het fergeet, dit moeni een soort lekkers wees ni. Di lekkers moet in tiin pakkiis ferdeel worde, en in ider pakki moet 'n aparte soort lekkers wees."

Di winkeliir begin toen al kwaad te worde, en sê: "jou domme lapbroek, kon jy dit ni eerder an my gese hê ni." Hy neem daarom di lekkers terug, en begin nou tiin aparte pakkiis lekkers af te wê'e.

Toen hy klaar was, gé hy nou di lekkers an Saggi, wat daarop di blinke stuiwer op di toonbank neerlé. Di gefolg was dat di Duitser 'n pak lekkers gryp, haak af, en gooi di arme kind teen di kop, dat hy been in di lug lê. Saggi fliig daar op so gou as hy kan, en loop huil huil na di man toe wat fer hom di stuiwer gegé het. "Wat makeer?" fra di man an hom, toen hy daar kom, "en waarom huil jy?" "Ag!" sug di arme kind "di oom daar in di winkel het my teen myn kop gegooi met 'n pak lekkers, sodat ek onderstebo gelê het, en het my nog bo'en-op 'n skop oek gegé." "En waar is myn pond?" fra di man weer.—"Né oom, ek het so seer gekry en was so ferskrik dat ek somar di pond op di toonbank laat lê het."—"Ja mar dan moet jy myn pond eers gaan haal."—"Ag né, asseblif tog oom," plyt Saggi weer: "ek kanni weer na daar di man toe gaan ni, hy sal my weer seer maak."—"Nou ja, dan is di bes-te plan fer jou, om mar te gaan klà by di magistraat."—"Ja, mar hoe moet ek klà?" fra di arme kind wat al genoeg fan di pond gehad het.—"Kyk jy gaan net na di magistraat toe en sê fer hom alles, hoe dat di winkeliir met jou gehandel het."—"Nou ja, mar dan moet oom fer my wys waar di magistraat syn huis is."

“Nou ja,” sê di man, “siin jy daar di rooi huis waar di wa'entj' foor staan? Dis di kantoor; gaan mar somar in, en kyk dat jy di man kry wat 'n groot bos rooi baard het,—dis di magistraat. Jy kan mar net fer hom sê, dat jy kom kla. Hy is Sam Clarke.”

Arne Saggi, hoe min het hy geweet dat hy ni na di kantoor toe bedui'e was ni, mar na 'n slag-huis, en dat di man met di rooi baard ni di magistraat, mar Sam Clarke di slagter is, 'n man wat net so kortgebonde is as ons frind di Duitser.

Mar Saggi weet fan niks, en stap so ewe manmoedig na di slaghuis toe.

Saggi stap so ewe manmoedig na di rooi-huis toe en stap binne. Hy kyk rond, en soek di man met di rooi baard; en ja, daar staan hy, net besig om 'n blad flys af te sny. Misskiin denk jy, waarde lesér, dat ek dit hiir 'n bitj' te grof maak, omtrent di onnoselhyd fan Saggi mar glo fer my, dit is ni so ni. Di arne kind het mar op 'n eenfoudige boereplaas opgegroeï, en het mar min in anraking met ander mense gekom. Daarom het nooit di minste gedagte by hom opgekóm, dat hy gefop was ni.

Nou ja, daarsijn hy di man staan wat hy moet by kla'e en begin op di eenfoudigste toon fan di wereld. “Oom, ek het fan morre klagtes.”—“Wat klagtes,” sê di slagter “wat het ek met jou klagtes te doen?”

“Né, oom,” sê Saggi, “myn klagtes is net, dat ek fan morre”—Mar foor dat hy di sin kon uit praat, haak Sam Clarke met di blad flys af, en slaan hom teen di oor met di stuk flys, dat hy been in di lug lê. Saggi wil op staan, mar foor dat hy dit kon doen was di barbaarse man by hom gryp hom an di nek en stoot hom met 'n geweldige slag di deur uit met di woorde: “Maak dat jy hiir weg kom, jou ellendeling! en perbeer sit jou foete weer in myn slag huis.”

Saggi, geduldig as 'n lam, loop toen mar weer di straat hiir op en huil op 'n jammerlike manier; want sülke karnuffels was fir hom te feul om te dra. Toen hy fer di tweede maal weer by di man kom—ons sal mar sê John Edwards, want hy was 'n halwe Engelsman—toen was hy nog éne trane en in 'n betreurenswaardige toestand; want syn hêle gesig was fol bloed deur di geweldige fal op di stoep fan di slaghuis.

Toen Edward hom siin, toen skrik hy daarom, en sê éwe onrustig: “Wat makeer jy, Saggi?” Saggi fertel hom toen hoe dat di “rooi baard man” hom mishandel het. Edward siin toen dat dit al genoeg fan 'n goeie grap was en sê toen an hom “Nou ja, Saggi, jy het al swaar genoeg gekry; laat staan nou mar di pond affère, en gaan mar huis toe, en hy gé hom toen oek 'n siling.

Arm Saggi, draai toen om, en in plaas om eers di greas en spelde te gaan koop loop reguit na “Ou Kolbooi” toe, saal hom op, en ry terug na

di wa. Hy het di nodighede glad fergeet. Toen hy uit D—uit ry, toen was dit al fér o'er 12 uur. Ongelukkig hy het fergeet om di bloed eers fan syn gesig af te was, en so met di bebloede gesig kom hy toen wa toe. Toen syn ou'ers hom siin skrik hulle groot, want hulle was reeds al di hêle dag onrustig gewees.

“Ag, wat makeer jou gesig, Saggi? en waar het jy so lank weg gebly?” fra syn ma an hom. Di kind fertel toen alles hoe dat dit met hom gegaan is en hoe sleg dat di mense met hom gewerk het. Syn pa was dan oek dadelik klaar om na di dorp te gaan, om di grap-maker tot syn plig te bring: mar syn frou keer hom en sê: “Wat sal dit jou baat? jy hoor di kind sê, hy ken ni di man wat hom di pond gegé het ni.”—

“En waar is di graes kind, wat jy sou gebreng het; en myn spelde?” fra syn ma. Ag, toen skrik Saggi, fer di eerste maal, hy het nooit om di goed gedenk ni, en nou begin hy dan oek béwe; want hy weet syn pa is 'n man as hy iets gesé het, dan moet dit gedoen worde. Hy wou hom nog ferdedig, mar syn ma kom toen fer hom op en sê: “Né wag, man, jy moe ni di kind slaan ni: hy het al swaar genoeg gehad.”

Onderwyl fat syn ma fer hom, en was toen di bloed fan syn gesig af. Toen merk hulle fer di eerste maal hoe seer dat hy gekry het. Op syn foerkop het hy 'n grote bloue knop, en oek syn linker oor was opgeswel.

Syn ma het toen dadelik plyster opgesit en fer hom kooi gemaak. Later in di aand was dit of Saggi siik worde, en oek di hele nag was hulle mar met hom besig.

Di anderdag morre was hy geheel en al deurmakar, en praat mar net altyd fan “di pond,” “di winkeliir,” di “rooibaardman.” Syn pa siin toen hy moet plan maak om fir Saggi na di dokter te bring. Hy laat dadelik di osse inspan en ry met di wa dorp toe. Dit was omtrent 11 uur toen hulle daar kom. Di dokter word gehaal. Toen hy daar kom ondersoek hy di wonde en geswel, terwyl di ou'ers ongeduldig wag om te hoor wat di dokter sê.

Toen alles klaar was, was di uitslag fan di dokter dat, “*di kind in the harsens sore gekry het.*” Dit was te feul fir di tédere moeder om dit te hoor. “En sal hy leef?” fra syn moeder an hom. “Ek weet ni, mar daar is no hope for him ni; di harsens het sore gekry, en dit is weinig mense wat lewe; en als hulle deur kom, dan word they mal.”

Toen di arme frou dit hoor, toen was dit te feul fir haar. Sy fal neer, en fader en dokter was ni besig met di seun ni, mar met di moeder. Dri dage het Saggi so gelé tussen léwe en dood, met fréselike smart. Di derde dag, raak hy an di slaap. Hy het omtrent 'n half uur geslaap, toen bemerk di ou'ers dat syn kleur ferander. Toen

hulle by hom kom, was hy daar ni meer ni. Di dood het skilik en onferwags gekom. So het arme "omnosele Saggi" an syn ynde gekom.

Na di begrafenis het Meneer Venter ondersoek gedoen omtrent di mishandeling fan syn kind, en hulle foor di gereg kry. Idereen het 'n sware straf ondergaan.

En nou ten laaste 'n les: Moet nooit 'n grap te fêr lat gaan ni, dit kan jou lig berou; en maak tog nooit *grappe tot skade of smart fer undere ni*.

Di Afrikaanse Almanak ver 1897, Burgerlik 'en Kerke-lik, is di Almanak wat elke Afrikaner moet hê. Inhoud bisonder belangrik. Prys net mar 1s. per pos. Kontant.

## O'er ons taal en Taalkunde.

FF<sup>3</sup> **N** Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels" is nou klaar 'en te kry by di uitgewers fan *Ons Klyntji* fer 1s. stuk, posgeld inbegryp. Uit di boeki kan di Afrikaner nou syn yge taal leer same met di Engelse taal, en kan di Engelsman syn taal leer same met Afrikaans. Dis tog goedkoop genoeg: om *tvé tale* te leer fer *een* siling. Elkeen wat skrywe fer *Ons Klyntji* moet tog feral di Taalkunde koop, en dit gou leer (dis haing begrypelijk en maklik), want nou moet myn pa tog alte haing reg maak an di stukke wat ingestuur worde. Tog sal *Ons Klyntji* nou al op 'n paar foute wys wat so menigfuldig foorkom.

1. Di meeste skrywers denk ni daaran dat 'n mens ni 'n stuk somar an makkaar kan skrywe en lees ni. Hiir en daar moet tog 'n nuwe regel begin. Nou moet di skrywers tog self denk, as hulle skrywe, waar dit 'n goeie punt is om 'n nuwe regel te begin.

2. Net so met folsinne. 'n Menigte skrywers denk ni waar 'n punt (.) moet kom ni, namelik an di ynde fan elke folsin; en kommas (,) tussen di klynere afdeelingen fan folsinne. Di leestekens is onmisbaar, en ons kan gerus sê, dat 9 uit di 10 stukke wat ons ontfang is hiirin gebrekkig. Waar di meeste fout maak is met anhaling fan imand syn worde. Foor so'n anhaling moet 'n dubbele punt kom (:—) en dan by di begin en end anhalingstekens of kommas ("—").

3. Di grote letters maak oek haing fout mé. Ygenaine fan persone of plase, di eerste letter fan 'n folsin en fan elke fersreel moet met 'n grote letter geskrywe worde, mar party mense skrywe somar in di middel fan 'n sin, selfs in di middel fan 'n woord, grote letters,

4. En waar di skrywers tog feral op moet let is dat ons in Afrikaans di *c, q, v, x,* en *z* ni gebruik ni: in plaas fan *e* en *z* gebruik ons mar altyd *s* (in enkele gefalle word *c* fersfang deur *k*), in plaas fan *v* gebruik ons altoos *f*; *kw* in plaas fan *q*, en *ks* in plaas fan *x*. Mar wat feral haing fout mé gemaak worde is om *v* en *f* en *s* en *z* deurmakaar te gebruik.

5. Dan is 'n hinderlike fout wat net haing foorkom oek, dat haing in hulle skrywe nog Hollans na'ap met di ongelykfloeiende werkwoorde; di het di Afrikaner in syn spreektaal almal gelykfloeiend gemaak; mar di meeste skrywe nog agter di Hollans an sonder te denk. So sê di Afrikaner bevoorbeeld: *neem—geneem*, mar party skrywe *genome*; di Afrikaner sê: *doen—gedoen*; mar party skrywe *geduan*, ens. Dis 'n hatelike en hinderlike fout, denk daar tog altyd an en ferym di.

Mar elkeen kan nou di Taalkunde kry, en daarin alle reels, sodat hy syn taal kan reg skrywe. Dan sal myn pa tog ni so haing foute hoof reg te maak ni.

## Geselsery met Skrywers en Lesers.

**H**IIRLê nou so'n hoop briwe dat ek feryplig is om 'n geselsery met di skrywers an te rig. En dan is dit mos di laaste nommer fan di eerste jaar, nou moet ek 'n bitji afrekening hou.

'n Stynsburger skrywe net raak:

By ons word "*Ons Klyntji*" net haing graag gelees, hy fat amper ni grond ni. En ons teenstanders moet hul seker lam skrik as hul siin dat hy nou al o'er di 2,700 intekenare het. Dit is net di regte ding om ons Afrikaanse folk te laat lees? Wat moet ons oek met di Engelse en Hollanse tydskrifte peuter as ons in ons moedertaal kan lees. Ek hoop dat ons binne kort oek 'n Afrikaanse Woordeboek en Bybel kry. Nou, *Ons Klyntji*; ek wens jou foorspoed.

B. A. S. stuur di letters fan A tot Z op rym, mar dit lyk mos fer ons ni *oorspronkelijk* ni, en di frinde moet tog daar op let om ni fer ons oue dinge af te skrywe en te stuur ni; ons reël is: *alles oorspronkelijk*.

Diselfde het ander oek al gedoen en doen hulle nog gedurig. So stuur J. S. H. ons weer di oue gedigte fan "Gert Beyers" en "Di Herder." Mar al is 'n afgeskrywe ding nog so mooi, ons wyk fan ons reel ni af ni, want ons het skaars plek fer di nuwe stukke wat ons kry. En ons gé dan mos ni 'n bloemlésing fan oue stukke ni. Nê, ons doel is om skrywers op te wek en 'n yge letterkunde an te kweek,

So stuur neef R. C. Naudé ons oek heel net-  
tjiis uitgeskrywe di bekende stori fan "Jan en  
syn Pak Kaarte," wat ons om diselfde rede ni  
kan opneem ni.

As 'n staaltji fan 'n menigte briwe gé ek di  
follende uittreksel fan 'n jonge nefi wat teken  
James van Vuure. Di brifi is reg genoeg, mar  
waarom di ferengelste James foor di eg Afrikaan-  
se fan? Waarom ni Jakobus of Koos ni? Foei,  
dis tog so afskuwelik en walgelik! En di gewoon-  
te word so algemeen. Di fanne kan hulle ni bra  
in di skrywe ferander ni (in di uitspraak doen  
hulle dit wel), mar dan word foor di Franse  
(Hugenote) of Hollanse fanne Engelse naampiis  
geset! Foei tog, Nefiis en Niggiis, wil julle dan  
so graag basters wees? Weet julle dan ni dat di  
naam di uitdrukking is fan di wese fan 'n per-  
soon ni? Né, asebliif tog, nefiis en niggiis, as  
julle oek al met di gekke en feragtelike gewoon-  
te megegaan het, laat dit tog dadelik staan en  
beledig en ferneder fer julle self tog ni ferder so  
ni. Myn maag word tog so naar as ek dit siin,  
en di Engelse lag fer julle nit in hulle fuiste dat  
julle sulke domme naäpers en foetlekkers fan  
hulle is.

Hier is nou di uittreksel uit di brifi:—

*Ons Klyntji* het ek oek nou fer di eerste maal gekry.  
Hartelik dank om so'n mooi kind te siin, wat mar 'n  
paar maande is en wat sit praot of hy al jare oud is. En  
ek hoop hy sal gou, 'n grote, ferstandige man worde, en dat  
hy ni sal dood gaau ni. Mar dit is tog jammer dat di  
stomme ding ni klere het om an te trek ni; want hy  
kry regte koud.

Ek hoop as ek hom nou weer sal kry, dat hy sal klere an syn  
lyf hê,—en 'n hoed op syn kop, syn hare lyk oek al lang.  
Misskiin word hy so sterk as Simson en so groot as  
Golliät. Sê mar Groetenis an hom. Ek ferlang al weer  
om hom te siin.

Myn neef C. J. J. K. stuur fer myn 3 storiis.  
Dit lyk 'n soort fan Afrikaanse bewerking fan  
Baron Munghousen syn leugen storiis. Nouwel,  
myn ooms en neefs het wel gesê op di Taalkong-  
gres dat ek ferdigte ferhale kan opneem, soos  
di Roosknoppi en di Koningin fan Skeba, mar  
of hulle nou juis begeer dat ek moet kans gé om  
te kyk wi di lekkerste kan liig, daartwyfel ek an.  
Ek sal dit fer hulle eers moet fra. Tot solank  
sal ek di ferhale mar berge.

Di storiis is 1) hoe hy 10 Hotnots dood gemaak  
het, 2) hoe hy di by wat ferloor was terug gaan  
haal het, en 3) hoe hy 'n flooi en 'n luis wat bak-  
kly dood geskiit het. Altemit, as myn pa en  
mya foogde wil hê, gé ek eendag 'n prys fer di  
een wat di lekkerste kan liig en dan het di sto-  
riis 'n kans.

Dire Storiis het ek al 'n hele party ontfang  
en ek wil graag nog meer hê; want di frinde  
siin ek gé so na ferfolgens in elke nommer wat.  
Mosterd en blatjang is lekker same met andere  
kos, mar jy kan dit ni alleen eet ni.

Oom Kotji Koen, fan Kafferkrans, stuur 'n  
teregwysing wat ek met dank opneem:—

Myn kind,—Ek siin in een fan uw nommers dat imand  
skryf fan di magistraat Jakson en feldkornet Besuiden-  
hout, wat foor in di 30 jaar op Prieska fermoor is. Dit  
was di magistraat fan Fiktoria Wes. Hy heet ni Jakson,  
ni mar Morree (Murray?). Di feldkornet was oek ni  
Besuidenhout ni, mar Sors Hendrikso. Di lyk fan di  
magistraat het di magistraat fan Hope Town toen laat  
haal en di dokter Bésig het toen di lykskouwing gedoen,  
mar di lyk was glad onsigbaar. Di moordenaar syn naam  
was Taaibos. Hy is op Boufort Wes opgeheng, 'n boos-  
aardige skepsel. Di magistraat wat toen op Hopetown  
was, was ou Delie.

Myn nefi P. J. Joubert, fan Flipston stuur  
fer my di follende brifi wat ek met dank op-  
neem:—

Het *Ons Klyntji* al fir syn dolosse name gegé; of spen  
ly hy ni met dolosse ni? Ek stuur hom di name fan myn  
dolosse, waar ek mé gespeul het. Hy kan di name oek an  
ander kinders fertel. Ek gé di name soos hulle trek:  
"Fonk en Manel, Bakker en Bel, Knuppel en Knobel,  
Dalias en Lap, Naman en Stap."

Enige jonge nefiis stuur oek so'n opgemaakte  
stori. "Hoe 14 klyne Kaffertjiis an hulle end  
gekome het," mar dit lyk fer my oek nes di forige  
fan neef C. J. J. K. en word om diselfde rede  
oek ni geplaas ni. So oek di Storiis wat neef  
C. W. Joubert stuur fan ou Klaas Waarsê'er en  
di Grootste Kool. Dan stuur diselfde nefiis oek  
'n resepe wat goed is fer enige siikte. Dit lyk 'n  
algemene snaaksigheid onder baing jonge mense  
om sulke resepe op te maak daarom gé ons di  
éne as 'n staaltji:—

"'n Grypi lekker-stap fan 'n bobbejaan, 'n mespunt  
glad-syl fan 'n slang, 'n halwe koppi noordewind, en 'n  
bitji ferdriit fan Gert syn kind. Dit goed same geklits,  
dan pille daarfana gemaak, di grote fan 'n foolstruisyer,  
en 3 daarfana geneem al aande foor éte."

Tot ons spyt werd ons op  
di laaste ogenblik teleurgestel,  
sodat ons ni di prent van di Taal-  
congres lede kan publiseer ni, mar  
ons hoop dit seker in 'n follende  
nommer te ge.

Nog baing andere briwe en stukke bly v'er lê.





✱ **LLOYDS & CO.,** ✱

**40 BURGSTRAAT, KAAPSTAD,**

Infoerders fan Ferbeterde Landbou Gereedschap en Masineri.

DI ENIGSTE SUID AFRIKAANSE AGENTE VOOR:

Olivier Harde Staal Ploeg Co.'s Wereld Beroemde Ploeg.

Deering Pony Selfbinders en Maaiers met Draadrollen Draggers.

Lloyds' Aermotor Windmeule en Pompe.

Di Planet Jr. Wingerd Ploeg en Cultivators.

Lloyds' Crown Brand Fynste en Beste Blom fan Swawel, bewese deur di Regerings Ontleedkundige di beste Swawel te wees wat ooit in Suid Afrika verkoop is. Kyk rapport in di "Landbou Journaal" fan 6 Dec. 1894.

Di Reus Cultivator en Graan Saaier.

Garrett & Sons' Dorsmasiins, ens., ens.

**INFOERDERS FAN:**

Baal Presse, Foer Masiins fer Hand- en Stoomkrag.

Wynpompe en Sproeipompe om Insekte dood te maak.

Gebuige Spring Band en Lever Egge, Land Rollers.

Wan (Koorn) Meule, Slypsteene, Saad Saaiers.

Roomafskyders, Karns en Botter Werkers.

Aardappel Uithalers, Aardappel Planters, Saaimasiins.

Omheinings Draad, Netdraad, Omheinings Pale.

Grawe, Skoffels, Mis- en Hooi Furke.

Gegalfaniseerde Netdraad fan Spesiale Kwalityt.

Singers Naai Masiins.

Koper en Yster Ledekante.

Amerikaanse Rytuige, Buggies, Karre en Spiders, ens., ens.



**LLOYDS & CO.,**

**40 BURGSTRAAT,**

(TEENOE'R DI BRANWEER STASI)

**KAAPSTAD.**

